# BEWYS SY WOORD

Laat ons ons hoofde net ’n oomblik buig. Dierbare Hemelse Vader, ons is dankbaar dat ons hier is vanaand. Ons, ons is dankbaar dat ons weet U Teenwoordigheid is hier by ons. Nou bid ons dat U elkeen van ons sal bedien, soos ons behoefte het. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen. (Julle mag sit.)

2 Voel net goed om hierdie mikrofone lewendig te hê. Ek was so jammer om dit soort van op te gemors het gister, die Boodskap wat ek so graag wou hê julle moes kry.

3 En ek wou hê julle moet seker maak dat julle dit sien. Dis die—die anker wat ons het. Ons is nie geanker deur ’n kerk nie. Ons is geanker in Christus, julle sien, Hy is daardie enigste Weg, Hy is die enigste veilige plek, die enigste plek wat God ooit Sy Naam geplaas het. En God het gesê Hy sou die mense ontmoet in die plek wat Hy gekies het om Sy Naam te plaas; nie in enige poort nie, maar in die poort wat Hy gekies het. En in daardie plek sou Hy die mense ontmoet, en net daar. En ons vind uit dat God nooit Sy Naam nêrens geplaas het, behalwe in Sy Seun, Jesus Christus nie, soos die seun altyd die naam van die vader neem.

4 En nou sê julle: “Nou, waarop het dit vandag betrekking? Elkeen sê: ‘Ek’s in Jesus.’”

5 Hy is die Woord. Daardie: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Die Woord het vlees geword en onder ons gewandel.” Weer, is dit ook geskryf in Openbaring, die 19de hoofstuk, wanneer ons Sy Koms sien, die Bruid en Bruidegom, Sy kleed gedoop in bloed: “Sy Naam is genoem ‘Die Woord van God.’” Hy is die Woord van God.

6 En, dis, Hy is die verkwikkingskrag. Hy is, die Heilige Gees is daardie, die—die dinamika wat in die meganika inkom, die Woorde, wat Dit laat lewe. En dit moet alles saamwerk, of dit sal net nie werk nie. Dit moet die hele Bybel neem, die hele Christus, die Volle Evangelie.

7 Ek wil sê, aan hierdie paneel waarna ek gisteraand gekyk het op televisie, geweet dit sou aankom, en ek het dit gekyk. Ek wil kommentaar lewer vir hierdie broers, diegene wat op daardie paneel, so ’n meesterlike stuk om vrae te beantwoord! En ek is nogal ’n kritikus, julle weet, maar daar was niks om daar te kritiseer nie. Dit was absoluut eg, en ek kon daarmee saamstem, een honderd persent. [Gemeente gee applous—Red.] Dankie. Amen. Daardie antwoorde was reg tot die punt. Ek het dit beslis waardeer. Ek wens net ek het ’n film gehad om te wys in my kerk by die huis. Dit was regtig mooi.

8 En ek is so dankbaar om te weet dat—dat God buite in die ander sfere gedeel het, buiten ons eie Pinkstergroep, en mans optel, daardie saad van God, wat daarbuite gelê het al hierdie jare, in afwagting vir die Lig om oor hulle te skyn.

9 En dit het ons ook 'n waarskuwing gegee, vriende, om te weet dat Jesus gesê het: "Wanneer hierdie slapende maagd begin inkom het om Olie te koop, dit was toe die Bruidegom gekom het." So ons kan daardeur sien, wanneer ons die Episkopaalse, Presbiteriaan, Metodis, Baptis, Lutherse, sien inkom om die Olie te kry, dit dan die uur was wat die Bruidegom gekom het. Laat ons dit onthou.

10 Ek het nooit dat Billy, my seun, iets vir my sê soos hy so pas het, net 'n paar oomblikke gelede nie. Hy het gesê: "Pappa, ek sê jou nie wat om te doen nie, ek probeer jou nie beïndruk met enigiets nie, maar," gesê: "pappa, wat jy ook al doen, sit al jou tyd in vir daardie siek mense." Hy het gesê: "Ek het nog nooit soveel siek mense gesien nie." Gesê: "Ek het tweehonderd kaarte uitgegee, binne net 'n oomblik of twee." Gesê: "Daar is soveel mense siek!" Hy sê baie selde ooit dit vir my.

11 En dan kom ek vanaand met 'n paar notatjies hier neergeskryf, en 'n paar opmerkings oor die komende oordeel, en in die wete dat ons vanaand hier sit met die einste toorn van God wat onder ons ruk, en dit spoedig sal wegvee. En in die wete dat die toorn van God wag; net op die oomblik wat dit gesê sal word, sal dit oor wees, vir miljoene. En deur dit in my hart te weet, en te weet dat dit so is! En dan sien ons soveel siekes, wat druk en trek.

12 En ek het gedink: "Vanaand, meeste van hulle is Christene." En laat my aan hierdie, julle kinders van God sê. Wat julle ook al doen, laat julle alles anders vaar. Dien julle God, dag en nag, met julle hele hart. Julle, julle kan voel daar is iets verkeerd. Julle kan dit sê soos julle in die strate loop, julle net. . . en waar julle ook al gaan. Julle kan, as julle geestelik is, en ek weet julle is.

13 Ek het met 'n man gepraat, Broer Stromei. Ek weet nie of Tony hier is of nie. Hy, hy was. . . ['n Broer sê: "Tony Salameh?"—Red.] Tony Salameh, Salameh, Salameh? Nee. Ek het dit verkeerd Tony. ['n Broer sê iets.] Nee, dis die verkeerde Tony. Hierdie is die Tony van—van—van Tucson. Wat is sy naam? [Iemand anders sê: "Stromei."] Stromei! Ek weet dis Salameh, Stromei, of iets. Ek raak heel. . .

14 In sy winkel, nou die dag, het 'n man ingekom, was baie treffend, hy het iets gesê wat 'n herinnering teruggebring het na my, toe ek. . . laaste keer wat ek in—in Indië was.

15 Waar, ek dink die Here ons die grootste skare gegee het wat ons ooit op een keer gehad het, was in Bombay. Ons kon nie eens plekke vind, nêrens, om hulle te laat sit nie, tiene van duisende en duisende van mense.

16 En net voor ons daar gekom het, was daar 'n koerant vertaal. Wel, dit was, Indië is 'n tweetalige land, dit was—dit was die Engelse koerant. En gesê: "Wel, die aardbewings moet verby wees, die voëls vlieg terug na hulle huise in hulle neste."

17 'n Paar dae voor die aardbewings gekom het, wat die heinings en dinge afgebreek het. Die voëltjies kry vir hulle skuilplekke in die rotse, en bou hulle neste; en in die namiddag of in middag, wanneer die son baie warm is, staan al die diere om daardie rotsmure, om in die skaduwee te kom. En vir twee dae, het die voëls buite in die bome gebly, hulle wou nie na hulle neste kom nie; en twee dae, die diere, die skape en beeste, wou hulle nie in die middag nader kom of naby die mure rondhang nie. Hulle—hulle het buite in die veld gebly, en geleun teen mekaar vir skaduwee.

18 Toe, meteens, 'n aardbewing, wat die mure geskud en die geboue afgebreek het. En, sien, as daardie voëltjies daarbinne was, sou hulle vergaan het. As die beeste daaronder gestaan het, en die skape, sou hulle vergaan het. God, wat die natuur waarsku!

19 'n Paar dae gelede, onder in Broer Tony se winkel, het ek geluister na 'n man daar wat gesê het. . . Toe hierdie aardbewing plaasgevind het in Alaska, het hy visgevang onder in, wat ons noem, Stony Point, by Mexico. En hy het gesê: "Die voëls wou nie eet nie, en die visse wou nie eet nie. Daar was iets verkeerd. En, meteens, het die aardbewing losgebreek."

20 En nou die dag, toe daardie een oorkant in Indië gebeur het, of waar dit ook al was, het hy gesê het hy weer visgevang. Hy het gedink: "Wel, dis vreemd. Daardie vis eet omtrent hierdie tyd. Daar is nie 'n rol in die water, nêrens nie. Die water is net stil, perfekte tyd vir die vis om te eet, maar hulle het nie geëet nie. En al die voëls wat gewoonlik daarbuite is, die meeue, wat hierdie vis en dinge optel, het almal rondgestap op die oewer, saamgedrom een teen die ander. En binne 'n paar oomblikke, het die seemos van die bodem af begin opkom soos daardie, 'n aardbewing het gebeur aan die anderkant van die aarde." Sien, daardie vis het geweet daar was iets verkeerd, iets was gereed om plaas te vind. Daardie voëls het dieselfde geweet.

21 Sekerlik, as God 'n vis en 'n voël onderskeiding kan gee, hoeveel te meer moet Hy Sy—Sy kinders gee! Ons weet ons is aan die endtyd, en oordeel wag, so laat ons baie eerbiedig wees. Vlug na God met julle hele hart! "O Kapérnaüm, jy wat verhoog is in die hemel, sal afgebring word na die hel," en vandag lê sy onder die bed van die waters. Onthou net, en bid.

22 Nou, vanaand, wil ek 'n plek hier lees in die Skrif, net vir 'n paar oomblikke. Ons gaan bid vir die siekes. Billy het gesê hy het 'n klomp gebedskaarte uitgegee. En hy het sommige

gister uitgegee, en ek het nooit by enige van hulle uitgekom gisteraand nie. En ek het gewonder toe die Heilige Gees gekom het. . . Dis net. . . Jy kan Dit nie laat werk nie. Dit is net soos 'n klein hefboompie, jy trek jouself in 'n rat in. Julle is diegene wat die Heilige Gees laat werk, nie ek nie. Julle doen dit self. So ek, gisteraand, het ek opgelet selfs in onderskeiding, het dit nooit net reg opgetel met die mense nie. Hulle het blykbaar net nie daarop gereageer nie. Ek het dit gevind, hier in die laaste tyd, blyk dit, min of meer, net soos ek gesê het, hande gelê het op die siekes, hulle weet.

23 Ons moet besef dat in ons gegee is, ons wie Jesus Christus glo en gebore is uit Sy Gees, en gevul is met daardie verkwikkingskrag, daardie krag wat in jou is. Deur hande op te lê, op die andere, soos die dissipels het, en af deur die eeu, Dit absoluut die siekes genees het, die dooies opgerig het, Dit visioene gewys het, profesieë. En die einste Gees wat onder die vroeë apostels geleef het, lewe vandag in die kerk, wat dieselfde dinge doen. En so gou as wat ons dit kan besef! Sien, maak nie saak hoeveel dit werk nie, jy moet dit besef en dit glo. Dit sal niks help, totdat jy dit glo nie. Maar die oomblik wat jy dit glo, is jou probleme verby. Dis waar.

24 Nou laat ons blaai in die Skrif. Ek het daarbuite gesit, 'n paar oomblikke gelede, nog 'n paar Skrifte neergeskryf, om my teks te verander vir die aand. En ek wil bietjie lees uit die Woord van God, uit die Boek van Lukas, die 8ste hoofstuk, vanaf die 40ste vers. Luister nou, ek gaan heelwat lees.

> *En toe Jesus terugkom, het die skare Hom verwelkom; want almal was Hom te wagte.*

25 Sou dit nie 'n goeie gesindheid vir die vergadering vanaand wees nie?

> *En daar kom 'n man wie se naam Jaïrus was, en hy was 'n owerste van die sinagoge; en hy val voor die voete van Jesus neer en smeek Hom om na sy huis te kom;*
>
> *want sy enigste dogter van omtrent twaalf jaar het op sterwe gelê. En terwyl Hy gaan, het die skare Hom verdring.*
>
> *En 'n vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeïng gely het, en wat haar hele vermoë aan geneeshere uitgegee het en deur niemand gesond gemaak kon word nie,*
>
> *het van agter gekom en die soom van Sy kleed aangeraak, en haar bloedvloeïng het onmiddellik opgehou.*
>
> *Daarop sê Jesus: Wie is dit wat My aangeraak het? En toe almal dit ontken, sê Petrus en almal wat by Hom was: Meester, die skare druk en dring U en U sê: Wie is dit wat My aangeraak het?*

*. . .Jesus antwoord: Iemand het My aangeraak, want Ek het gemerk dat krag van My uitgegaan het.*

*En toe die vrou sien dat sy nie verborge gebly het nie, kom sy bewende en het voor Hom neergeval, en vertel Hom voor die hele volk om watter rede sy Hom aangeraak het en hoe sy onmiddellik gesond geword het.*

*En Hy sê vir haar: Hou goeie moed, dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede.*

*En terwyl hy spreek, kom sekere iemand van die owerste van die sinagoge se huis, en sê vir hom: U dogter is dood, moenie die Meester lastig val nie.*

*Maar toe Jesus dit hoor, antwoord Hy hom en sê: Moenie vrees nie, glo net, en sy sal gered word.*

*En toe Hy in die huis kom, het Hy niemand toegelaat om in te gaan nie, behalwe Petrus,. . .Jakobus, en Johannes, en die vader en die moeder van die meisie.*

*En almal het gehuil. . .oor haar rou bedryf. En Hy sê: Moenie huil nie; sy is nie dood nie, maar aan die slaap.*

*En hulle het Hom uitgelag, want hulle het geweet dat sy dood was.*

*En toe Hy almal na buite uitgejaag het, gryp Hy haar hand en roep die meisie, en sê: Dogtertjie, staan op.*

*En haar gees het teruggekom, en sy het onmiddellik opgestaan; en Hy het beveel dat hulle haar iets te ete moes gee.*

*En haar ouers was verbaas, maar Hy het hulle bevel gegee om aan niemand te sê wat gebeur het nie.*

26 Nou laat ons bid. Dierbare Hemelse Vader, soos ons hierdie Woord lees, weet ons dat dit waarheid is. Hierdie het gebeur. Dis nie ’n mitiese storie wat ons sou lees uit miskien ’n koerant of ’n fiksieboek nie, maar hierdie kom uit die Boek wat ons weet om die Woord van God te wees. Ons glo dit het gebeur. Ons glo dat hierdie Jesus wat hierdie vername ding gedoen het, twee gevalle hier, van die vrou met die bloedvloeïng, en die dooie kind, ons glo dat Hy God se Seun is, dat God Hom opgerig het uit die dood en Hom voorgestel het aan ons vanaand, in die persoon van die Heilige Gees.

27 En ons glo dat Hy hier met ons is vanaand. En deur te glo dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd, reik Sy medelye uit na die mense. En soos die mense uitreik na Hom, sal dieselfde resultate wat gegee is in daardie dag, gegee word in hierdie dag. Skenk dit weer, Vader, dat ons ’n vars salwing kan hê. Soos Broer Shakarian so opreg gevra het, ’n tydjie gelede, en die gehoor gevra het om te glo, vra ons weer in die Naam van Jesus Christus. Amen.

28 Ek wil praat net vir ’n paar minute, en dit sal net ’n paar minute wees, want ek wil daardie mense hierbo kry met die gebedskaarte, en vir hulle bid. En enige ander ding uitlaat, behalwe net vir die siekes bid. Maar voordat ons vir die siekes bid, moet ons die mense in daardie gesindheid kry. Dis die gesindheid wat altyd die resultate bring. Dis die gesindheid wat jy teenoor God inneem.

29 Hier is ’n vrou wat Sy kleed aangeraak het, sy is genees, met ’n bloedvloeïng. ’n Soldaat het in Sy gesig gespoeg, en ’n doringkroon op Sy hoof gesit, en geen deug gevoel nie.

30 Dis jou benadering. Die gesindheid is wat dit neem. En dis wat dit vanaand is, dierbare vriend, dit neem die gesindheid. Ons is, en glo dat ons is, in die Teenwoordigheid van Jesus Christus, maar dis jou gesindheid wat die resultate bring. Die meganika is hier, en so is die dinamika. En as jy net kan begin, sal God die res doen.

31 Nou, hierdie onderwerp waaroor ek wil praat, vir ’n paar oomblikke, is: Bewys Sy Woord. Nou dis ’n groot ding, om daaraan te dink: Bewys Sy Woord.

32 Nou God is net so in staat om Sy Woord te bewys, as wat Hy Dit ooit bewys het. En die Bybel het ook gesê: “Beproef alle dinge. Hou vas aan dit wat goed is.”

33 Nou julle het gehoor, sonder twyfel, die ou gesegde gehoor: “Bewys dit, en ek sal dit glo.” Maar dit geld nie. Baiekeer het ek baie dinge sien bewys word, wat absoluut selfs wetenskaplik bewys is, en tog het mense dit in elk geval nie geglo nie.

34 Ek het met ’n man gepraat, hier nie lank gelede nie. Ons het gepraat oor Goddelike genesing. Hy het gesê: “Ek sal dit nie glo nie. Maak nie saak wat gebeur, hoeveel bewys jy daarvan kan toon nie, ek glo dit steeds nie.” Wel, sekerlik, maak nie saak wat jy ooit vir daardie man sal doen nie, hy—hy’s verlore. Hy kan nie glo nie. Daar is niks in hom, om te glo nie.

35 Ek het pas ’n—’n klein ondervindinkie hier gehad, omtrent ’n week gelede, soos julle almal weet dat ek—ek jag. En toe ek teruggekom het van my diens af, het ek leeu gejag. En nadat ek getrek het na Arizona, is dit goed, ek hou daarvan om grootwild te jag, en hou daarvan om buite in die natuur te gaan en dit dop te hou.

36 Nou, ek is nie ’n moordenaar nie. Ek jag net. So, ek—ek hou nie daarvan om wild te vernietig nie, ek—ek dink nie dis reg nie. Ek dink dis net so ’n sonde om wild dood te maak, wanneer jy dit nie gebruik en gaan gebruik vir ’n doel nie, as wat dit sou wees om enigiets anders dood te maak. Ek glo dis verkeerd. Ons behoort dit nie te doen nie. God het vir ons gegee vir kos en doele, en ons behoort dit nie te vernietig nie. Maar nou wat die wet sê jy kan neem, goed. Moet net nie vermors nie.

37 En ek daaronder, die seisoen is verby vir enigiets anders. Leeus maak baie beeste dood. En ek ken baie boere bo in die land. En elke keer wat hulle ’n slagting kry, wel, bel hulle my, wanneer ’n leeu onder skape kom. ’n Sekere vriend van my het nou die aand omtrent vyf-en-dertighonderd dollar verloor, in een aand, deur een leeu wat net lammers doodgemaak het. Hy het ingekom, en, natuurlik, die res van die leeus sal net moet boet vir sy sonde. En so het ek die leeu gekry, en so was dit ’n yslike groot leeu, en nege voet lank. En het naby twee-iets geweeg, so dit was—dit was ’n goeie groot leeu.

38 En toe het ek uit die land van Arizona gegaan, bo in Utah in, om te jag. En so is ek vertel dat daar mense daarbo was, wat ’n man waarmee ek saam sou jag, ’n regeringswildvanger was: “En, om liefdeswil, moet niks van godsdiens noem aan hom nie.” Gesê: “Hy was regtig ’n rowwe kêrel.”

39 En ek het gesê, ek het vir die man gesê, saam met wie ek was, ek het gesê: “Ek sal dit nie noem nie.”

40 Hy het gesê: “Moenie sê ‘prediker’ nie. As jy dit doen, sal jy nooit gaan jag nie. Hy sal jou nie neem nie.” Gesê: “Ek het drie dae saam met hom gejag, en elke aand saam met hom geslaap, elke dag saam met hom geëet, en hy het nooit eens gesê: ‘Goeiemôre. Hoe gaan dit? Wil jy iets hê om te eet? Was die skottelgoed’ nie. Niks!” Gesê: “Nou moet net niks daarvan sê nie.”

41 Ek het gesê: “Ek sal nie ’n woord sê nie.” So ek het nie vir hom gesê ek sou nie bid nie, maar ek het net vir hom bly vertel dat ek is. . .En ek bid.

42 So toe ons daarbo gekom het, die man was ’n baie harde karakter, en ek het nie gedink hy glo enigiets nie. En hy het pas ’n babatjie verloor, ’n paar aande tevore, ’n doodgebore baba. So, ons het gaan jag. En op die tweede dag, die man saam met wie ek gejag het, het vir hom vertel, het vir hom gesê ek jag oral oor die land. So toe die ander jagter, wat saam met my was, weg is, was ons ver bo in die pieke; waar ons pas ’n leeu gejaag het, totdat ons hom in die rotse gekry het, en hy weggekom het. En so het ons daar gesit en wag vir die hond om terug te keer. En hierdie man het vir my gesê, hy het gesê: “Die ander jagter, jou vriend, sê vir my dat jy oral jag. Het jy baie geld?” Gesê: “Ek reken dit het niks met my te doen nie.”

43 En ek het gesê: “Nee,” ek het gesê: “dis nie baie geld nie.” Ek het gesê: “Ek—ek word geborg.”

44 En hy het gesê: “O, ek sien.” Hy het gesê: “Wel, ek reken dit het weer niks met my te doen nie, maar,” gesê: “is jy by ’n firma wat jou borg?”

45 Hy het dit reg uit my uitgetrek. Ek het belowe ek sou nie, sien. So ek het gesê, ja, ek het gesê: “Nee, meneer. Ek is ’n prediker, ’n sendeling.”

Hy het gesê: "'n Wat?"

46 Ek het gesê: "Sendeling." En hy het net opgestaan en na my gekyk vir 'n paar minute.

47 Ek het gesê: "Het jy enige hoop vir Lewe hiernamaals? Wat is jou hoop?"

Hy het gesê: "Ek's 'n Jack Mormon."

En ek het gesê: "'n Wat?"

Hy het gesê: "'n Jack Mormon."

Ek het gesê: "Watter soort is dit?"

48 Gesê: "Die een wat vloek en koffie drink, en sigarette rook."

Ek het gesê: "Wel, 'n eerlike belydenis is goed vir die siel."

49 En toe het hy gesê—het hy gesê: "Ek wil vir jou iets vra." Hy het gesê: "Daar word vir my vertel dat die Mormoonse kerk die enigste ware kerk is wat daar is." Hy het gesê: "Glo jy dit?"

50 Ek het gesê: "Wanneer by kerk kom, reken ek dis so goed soos enige van hulle. Ek ken net een Waarheid, en dis Jesus Christus." Ek het gesê: "Ek weet Hy is Waar."

51 "Wel, het hy gesê: "daar is 'n baba vir my gebore nou die aand, doodgebore." Hy het gesê: "Daar word vir my vertel dat hierdie baba, omdat dit doodgebore was, God nooit die asem van die lewe daarin geblaas het nie, dat ek dit nooit weer sal sien nie." Hy het gesê: "Wat dink jy daarvan?"

52 "Wel," het ek gesê: "jy sal nooit as 'n Jack Mormon nie, jy sal beslis nie. Dis een ding verseker. Jy sal dit nie sien solank jy 'n Jack Mormon bly nie." En hy het gesê. . . Wel, hy het my gedruk, so ek het hom 'n bietjie teruggedruk, julle sien. Ons het—het tyd gehad om terug te druk. So hy het gesê—hy het gesê. . . Ek het gesê: "Wat's die probleem?"

Hy het gesê: "O, ek weet nie." En hy het gesê: "Wat dink jy?"

Ek het gesê: "Ek is bekend met baie goeie. . . "

53 Ek het nie geweet hy was 'n Mormoon nie. En ek was 'n baie. . . Ek weet, omdat dit in Utah was, was dit waarskynlik, maar ek. . . want die meeste mense daarbo is Mormoons, rondom Salt Lake City. Hierdie was egter nie Salt Lake City nie. So ek het gedink: "Ek het 'n paar goeie Mormoonse vriende, wat in gebedslyne was, goeie mense."

54 En ek het gesê: "Ek het 'n paar baie goeie manne ontmoet wat Mormone is—is." En hy het gesê, wel, hy het gesê. . . Ek het gesê: "Ek ken nie hulle leer daaroor nie, en ek wil nie iets teenstrydig sê met hulle leer nie, want dis wat jy is, en ek respekteer dit baie." En ek het gesê: "Wel, en jy glo dit?"

Hy het gesê: "Ja, meneer, ek glo. Maar," gesê: "ek lewe nie daarvolgens nie."

55 Ek het gesê: "Wel, ek glo dat die Bybel leer dat God daardie baba geken het, miljoene jare gelede, voor die grondlegging van die wêreld." Ek het gesê: "God het vir Jeremia gesê: 'Voor jy ooit verwek is in jou moederskoot, voor jy ooit uit die maag gekom het, het Ek jou geken, jou geheilig, en jou verordineer om 'n profeet vir die volke te wees.'" Ek het gesê: "Dis hoeveel Hy daarvan geweet het, sien."

Hy het gesê: "Wel," hy het gesê: "dankie."

56 Hy het begin afloop teen die heuwel. En toe het hy hierdie ander kêrel ontmoet, en hy het gesê: "Hoekom het jy nie vir my gesê daardie kêrel was 'n prediker nie?" En so het ons. . .Hy't 'n biejtie met hom gepraat en hom begin vertel van die dienste.

57 Nou, Mormone glo profesie. Ek nie. . .mag nie enige hier wees nie, maar hulle—maar hulle glo wel in—in profesie. Maar, so, miskien praat ek met die skool, maar ek. . .Ja. Ja. Maar, egter, hulle glo.

58 En hy sê, hy het teruggekom na my, gesê: "Ek verstaan dat jy 'n profeet is."

59 Ek het gesê: "Nee, meneer." Ek het gesê: "Ek. . .Die Here het vir my 'n paar dinge gewys om te gebeur."

60 En hy het vertrek, dadelik, gesê: "Laat ons ingaan." En hy het in sy motor geklim, en afgegaan na die. . .Daar was 'n stadjie waar hy gewoon het. Binne 'n paar oomblikke, was hy weg. Ons het die honde gereed gemaak, om nog 'n jagtog te neem net na middagete. En toe ons het, wel, het hy vertrek in 'n motor.

61 Binne 'n paar oomblikke, het 'n aansienlike jong man teruggekom, omtrent sewentien jaar oud, 'n Christen heer wat werklik heilig gelyk het. Hy het gesê: "Hierdie is my broer." Gesê: "Hy is nie 'n Jack Mormon nie. Hy is 'n ware Mormoon."

Ek het gesê: "Aangename kennis, seun."

62 En hy het gesê: "Ek verstaan, dat my broer my vertel, dat jy 'n profeet is."

63 Ek het gesê: "Nee, meneer." Ek het gesê: "Dit is nie dat ek 'n profeet is nie." Ek het gesê: "Die Here het vir my dinge gewys om te gebeur."

64 Hy het gesê: "Ek het 'n inspuiting in my arm net nou, ek is veronderstel om op die operasietafel te wees." Hy het gesê: "Maar my broer het dit vir my vertel. En ek het gesê: "As dit so is, het ek nie 'n operasie nodig nie.'" En hy het my reguit in die oë gekyk, 'n eerlike, ware, opregte kyk, gesê: "Lê jy jou hande op my. As hierdie dinge so is, sal ek nie die operasie nodig hê nie." Hy het gesond huis toe gegaan.

65 Hierdie broer, Christenvriend van my, wat saam met my gejag het, van Phoenix. Hy het vir my gesê, hy het gesê... Party van hierdie seuns sit reg hier nou. Een van hulle weet ek is hier teenwoordig. Ons het huis toe gegaan. Hy het gesê: "Broer Branham, as die Here vir jou 'n visioen sou wys en net vir daardie Mormone laat vertel wat gaan gebeur, sal dit dit doen, want hulle soek daarna."

66 So, ek het gebid en ek het gebid. En op my pad terug huis toe, ek was aan die opkom, op die volgende Maandag, Sondag, omtrent tienuur, het ek in die kamer gestaan, na kerk daardie oggend, en het uitgekyk.

67 En ek het flitsligte sien flits, of een of ander soort van 'n lig wat geflits het. En ek het 'n leeu gesien wat in 'n boom was, en—en dit was te klein vir my om te skiet. Ek wou dit nie hê nie. En daar was iemand anders wat dit geskiet het, en, toe hulle het, het hulle dit geskiet met 'n te groot geweer. Dit het die leeu opgeblaas. Ek het nie gehou van die—die—die manier wat dit gedoen is nie.

68 Toe ek bo by Phoenix gekom het, het ek dit vir Broer Dawson vertel, en Broer Mosley. En ek weet hy is hier. Ek het hom nou die dag gesien, hier iewers. En hy het opgegaan saam met my, hy en sy vrou. En ek het gesê: "Hou jy dop en kyk, dis SO SPREEK DIE HERE. Dit gaan so gebeur."

69 Nagte het ons gewag, vier of vyf nagte, het ons gejag, of dae. Selde wat jy ooit 'n leeu in die nag in 'n boom kry. Het gebeur, aan die huis toe kom, dat hulle die honde losgelaat het, hierdie jagter, hierdie Mormoonse seun. En die—die leeu het 'n spoor getref, of die hond het die spoor van die leeu getref, liewer, en hom in 'n boom opgejaag. En om tienuur die aand het hulle gekom, ons uit die bed gekry. Ons het daar uitgegaan, en daar was daardie selfde leeu in die boom. Die ligte geflits, Broer Mosley het hom geskiet met omtrent 'n vier-en-veertig kaliber, het omtrent die leeu half in twee geskiet. En daar was dit, net presies soos dit gesê is.

70 Die volgende dag, het ek die hoof wildbewaarder van die staat ontmoet, nog 'n Jack Mormon. Daardie seuns saamgeneem, hulle terug huis toe gelei na Christus.

71 Ek sê julle, Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. God bewys Sy Woord as reg.

72 Julle het mense hoor sê: "Sien is glo." Dis nie heeltemal waar nie. Baie mense sien en glo steeds nie.

73 Die dae toe Jesus op aarde was, hoekom het hulle Hom nie erken, dat Hy daardie Woord van God was wat gemanifesteer is nie? Hoekom het die mense nie besef dat Moses gesê het: "Die Here julle God sal 'n profeet soos ek oprig" nie? En Hy het elke Woord vervul wat die Bybel gespreek het Hy sou doen, maar hulle het dit nie geglo nie.

74 Maar God het, in elke eeu, Sy Woord as waar bewys. Hy bewys altyd Sy Woord. Dan sê hulle partymaal dat: "Sien is glo." Dit is nie so nie. Maar ons weet dat God reguit voortgaan om Sy Woord in elke eeu te bewys.

75 Ons weet dat Hy dit bewys het aan Adam en Eva, dat toe Hy gesê het: "Die dag dat jy daarvan eet, daardie dag sal jy sekerlik sterwe." Ons moet dit erken, dat dit die waarheid is. Ons glo dit, want Hy het dit aan ons bewys, en ons weet dat dit die waarheid is.

76 Nou sal ons net 'n paar plekke neem waar God wel Sy Woord bewys het. Laat ons neem, byvoorbeeld, in die dae van—van Noag. God het 'n boodskap aan Noag gespreek wat sekerlik onwetenskaplik en ongelooflik was. Niemand kon glo nie. Dit het nooit gereën op die aarde nie. Onwetenskaplik!

77 Miskien was hulle 'n groter wetenskaplike eeu as wat ons nou is, omdat hulle piramiedes gebou het en sfinkse, ensovoorts, in daardie dae, wat ons nie nou kan bou nie. Hulle was bekend met 'n krag, of een of ander soort van 'n meganiese krag, miskien atomies of iets, dat hulle daardie groot rotse kon lig, wat ons dit nie vandag kan doen nie. Maar hulle het groot wetenskaplike dinge gedoen. Hulle het iets gehad wat hulle 'n liggaam kon balsem, om dit natuurlik te laat lyk vir honderde jare. Ons het daardie kuns verloor.

78 Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens." En ons weet dat ons nog 'n groot wetenskaplike eeu moet binnegaan.

79 En nou die boodskap wat Noag gehad het was baie teenstrydig met die geloof van daardie dag, in die kerk, en dit was ook baie teenstrydig met die wetenskaplike navorsing. Maar God het Sy Woord as die waarheid bewys. God het bewys dat wat daardie profeet gesê het die waarheid was.

80 Ook sal ons nog een neem vir net 'n oomblik. Abraham was nog 'n profeet van die Here, waarnatoe die Woord gekom het. En vir hom gesê, toe hy vyf-en-sewentig jaar oud was, en Sara vyf-en-sestig jaar oud was, dat hy 'n kind sou hê by Sara. Nou, dit was nogal 'n skok vir 'n ongelowige. Kan julle julle voorstel, vandag, so 'n ding wat selfs in hierdie dag gebeur, met al ons wetenskaplike prestasies, en al hierdie proefbuis babas waarvan hulle praat, ensovoorts? Maar hierdie ou vrou, nou van vyf-en-sestig jaar oud, en 'n ou man van vyf-en-sewentig jaar oud, maar die Woord van die Here het na Abraham gekom en gesê dat dit sou gebeur. En Abraham het God geglo. Nou, maak nie saak hoeveel God gespreek het nie, en hoe waar dit was nie, Abraham moes glo wat God gesê het, om dit so te maak. Nou kyk hoe daardie man getoets is, met sy getuienis, dat hy wel geglo het.

81 Daardie selfde man wat daardie belydenis gemaak het, dat hy God geglo het, hy's 'n persoon soos julle is, wat hier sit vanaand. Ons glo steeds God. Ons moet glo Sy Woord is die Waarheid. En Hy sal dit bewys, dat Dit die Waarheid is, as ons dit net sal glo.

82 Nou kyk na die hindernis wat Abraham gehad het. Eerste ding was sy ouderdom, vyf-en-sewentig jaar oud, en Sara as vyf-en-sestig. Sy was ver verby die verandering van lewe, die menopouse. Sonder twyfel dat dit gestop het, baie jare tevore. Hy het saam met haar gelewe as 'n vrou. Dit was sy half-suster, het haar waarskynlik geneem toe sy net 'n meisie was in haar tienerjare, en met haar getrou. En hy het geen kinders gehad nie. Sy was absoluut onvrugbaar. En nou vind ons uit, dat, om dit te doen, hy hom moes afsonder van al sy mense wat dit nie geglo het nie, sodat dit kon gebeur.

83 Ek bedoel nie jy hoef jouself te skei van mense nie. Maar jy moet jouself skei van al die skinder van ongeloof, en wegbly daarvan. Wanneer mense sê: "Ag, daardie dinge gebeur nie! Dis 'n klomp mal mense! Daar's nie so-iets wat gebeur nie," druk net jou ore toe en stap weg. Moenie enige aandag daaraan skenk nie.

84 Die Bybel het gesê: "Abraham het nie deur ongeloof getwyfel aan die belofte van God nie; maar was sterk, aan God eer gegee." Sy naam is verander van Abram na Abraham, die verandering van die naam het sy naam: "vader van nasies" gemaak. Kan julle julle 'n man voorstel wat saam met sy vrou lewe, sy liefling, wat hy nou saam met haar gelewe het vir al hierdie jare, en nou iewers in die ouderdom van tagtig jaar, en sy vrou sewentig jaar oud, en nog sonder een kind of enige hoop van 'n kind, tog aanspraak gemaak dat hy die "vader van nasies" was. Kan julle julle die kritiek voorstel van sy medemens wat verbygaan wat sou sê: "Vader van nasies, nou hoeveel kinders het jy op hierdie oomblik?" En al die kritiek waarmee hy moes saamgaan!

85 Maar Abraham het glad nie êrens getwyfel, deur ongeloof nie. Hy het geglo dat God in staat was om te doen wat Hy belowe het, dat God Sy Woord sou bewys, maak nie saak hoe lank dit geneem het nie. Maar in plaas van om swakker te word elke keer, soos ons almal geneig is om te doen, het hy die heeltyd sterker geword. "As dit nie vandag gebeur het nie, sal dit môre 'n groter wonderwerk wees, want dis een dag ouer." Dit was God, dit was God in Abraham, want hy het geweet dat God al Sy Woorde bewys het as reg.

86 As Sy kinders net Sy Woord sal neem, sodat Hy Dit deur julle kan bewys! Dis die enigste manier wat Hy Sy Woord kan bewys.

87 Hy bewys Dit nie aan ongelowiges nie. Hulle kan nie bewys word nie; hulle is ongelowiges. Maar, Dis nie aan ongelowiges nie. Dis nie vir ongelowiges nie.

88 Dis vir hom wat glo. En as Hy iemand kan vind wat Sy Woord sal glo, sal Hy Sy Woord deur jou bewys. Partymaal gebeur siektes en dinge so met ons, dat God Homself kan bewys.

89 Onthou julle die blinde man wat Jesus gevind het? Hulle het gesê: “Wie het gesondig, hy of sy vader, sy moeder?”

90 Hy het gesê: “In hierdie geval, nie een nie, maar dat die werke van God bekend mag word.” Sien, dit het gebeur met die seun, sodat Jesus verheerlik kon word. Partymaal is siekte nie ’n vloek nie, dis ’n seëning, dat ons ons geloof daar uit kan steek en daardie dinge wat nie is nie, kan noem asof hulle is. God het so gesê, en Hy sal bewys dit is so as jy net nie sal verswak onder die toets nie.

91 Hy kon Job bewys, eenkeer, dat hy Hom nie sou vervloek in Sy gesig nie. Kyk na die beproewing waardeur Job gegaan het. Maar onder in die einste kake van die dood, het hy tog gesê: “Die Here het gegee, die Here het geneem, geseënd sy die Naam van die Here!” Hy het dit beslis geglo. God het Sy Woord bewys aan Job. Hy het dit bewys aan Abraham. Hy het dit so bewys.

92 Hy het dit ook bewys deur Moses. En toe Moses, toe die probleme so teen hom was, Moses het dit in gedagte gehad, dat miskien, om ’n verlosser te wees, dat sy moeder hom waarskynlik vertel het dat hy ’n egte kind gebore is. Sy—sy was sy onderwyser wat hom grootgemaak het in Farao se paleis, het hom sonder twyfel vertel: “Seun, ons het gebid dat ons verlos moet word, en ons glo dat jy daardie kind is wat God sal gebruik om ons te verlos.” En toe, toe hy . . .

93 Sien, hy het groot geword, en sou die—die seun van Farao se dogter wees, en ons vind uit dat hy erfgenaam van die troon sou wees. Wel, sonder twyfel was dit toe in hulle gedagte, dat hy die volgende Farao sou word: “En dis hoe hy die volk sou verlos, deur die volgende Farao te wees.” Maar God het ’n . . . As dit so sou wees, dan sou hy dit gedoen het deur ’n materiële, deur ’n—’n—’n daad van politiek. Maar God werk nie altyd so nie.

94 God het Sy eie maniere om te werk, en Hy het gesê Hy sou “hulle uitbring.” Hy het vir Abraham gesê: “Na vierhonderd jaar,” sou Hy “hulle uitbring, met ’n magtige hand,” sou Hy “tekens en wonders wys.” So hy kon dit nie so doen nie, so Abra- . . . Ons vind uit dat Abraham God geglo het, en hier is Moses nou wat God glo.

95 En Moses het by dieselfde venster uitgekyk wat Farao het, hy het dieselfde volk gesien. Wat Farao uitgekyk het na hulle as: “’n vervloekte volk, ’n volk wat niks anders gehad het as fanatisisme vir ’n God, en een of ander woestyn God iewers waarvan hulle niks geweet het nie; een of ander onsigbare

paal waarna hulle bid, waaraan daar niks was nie. Hulle is ’n klomp fanatici. En hulle was ’n klomp slawe. En hulle God wat hulle toegelaat het om slawe te wees, het bewys dat Hy nie God was nie.”

96 En reg in die midde van die hele ding, het Hy die einste man opgerig. God doen dinge in sulke vreemde maniere, reg onder hulle. Nie ’n teoloog nie, nie ’n onderwyser nie, nie ’n priester nie, nie een van hulle heilige manne nie; maar net ’n gewone man, gebore vir die werk. En God het hom geroep om Sy profeet te wees, en hom soontoe gestuur. En niks behalwe ’n krom stok in sy hand nie, om ’n weermag te trotseer, gemeganiseerde eenhede wat die hele wêreld oorwin het. Maar met daardie stok in sy hand, soos God hom vertel het om daardie stok in sy hand te hou en hy Israel sou verlos, en hy het soontoe gegaan en dit gedoen, omdat God dit belowe het. Hoe gaan hy dit doen? “Ek sal met jou wees.”

97 Hy het gesê: “Wys my U heerlikheid, Here. Ek is traag van spraak. Ek kan nie reg praat nie. En ek. . . ” Hy het ’n miljoen verskonings gehad.

98 Maar Hy het gesê: “Ek sal met jou wees.” En dis al wat dit geneem het. Hy het gegaan, God se Woord geneem. Maak nie saak hoe gevaarlik die taak gelyk het nie, Moses het aangehou om God te glo. En God het Sy Woord bewys, deur Moses, as die waarheid. Want, ongeag van wat plaasgevind het, Moses het reg by die Woord gebly. In die tyd van die reis. . .

99 God het vir hulle gesê, onder in Egipte, ook, dat Hy hulle sou verlos: “In ’n beloofde land in, ’n goeie land, vol van melk en heuning.” En dit was absoluut daar. Hulle het nie geweet dit was daar nie, maar Hy het gesê: “Dis daar, en Ek het dit vir julle gegee. Dis alreeds julle s’n, gaan eis dit net op!”

100 En in die wildernis, toe baie van hulle uitgekom het, gedans het in die Gees, toe Miriam die tamboryn geslaan het; manna uit die Hemel geëet het, geluister het na Moses wat in die Gees sing; die wonderwerke en tekens sien uitgaan het. Maar toe dit gekom het by die konfrontasie, om die hele Woord van God te glo, die hele belofte, het hulle gefaal.

101 Slegs twee van hulle het dit geglo, dit was Josua en Kaleb. En hulle het die bewys teruggebring dat die land goed was.

102 Maar, die omstandighede was, dis wat dit was wat hulle verhinder het. Want, hulle het gesê: “Ons is nie in staat om die land te neem nie, omdat hulle stede ommuur is, hulle—hulle—hulle afgevaardigdes daar. Nie hulle afgevaardigdes nie, maar hulle—hulle volk is ’n groot reuse. Wel, ons lyk soos sprinkane, langs hulle.”

103 Josua en Kaleb het gesê: “Ons is meer as in staat om dit te neem.” Hoekom? God het dit vir hulle gegee, maak nie saak

hoe groot die reuse was nie. Die versperring het niks vir hulle beteken nie. God het so gesê! En God het dit deur hulle bewys. En hulle het wel oorgegaan en die land geneem, soos God gesê het hulle sou dit doen. Hy het dit aan hulle bewys.

104 Nou, toe hulle opgekom het in die maand van April, toe die waters uit die berge afgevloei het, oor die sneeuvlae, ensovoorts, en gelyk asof God 'n swak generaal was, om Sy weermag reg tot by 'n plek te lei, Hy het hulle afgesper gehad van die beloofde land. En die einste tyd toe Hy hulle oorgeneem het, hulle sou oorneem, was die ergste maand in die jaar. Die maand wat die Jordaan se oewers oorgeloop het, reg in die velde ingeloop het. Wel, as hulle hulle sou oorneem, sou dit in die somertyd gewees het, wanneer hulle kon deurloop. Maar Hy het gewag totdat die waters diep geword het. Hy hou daarvan om te wys dat Hy God is. Hy hou daarvan om Sy Woord te bewys, ongeag.

105 Maak nie saak wat die dokter gesê het: "Jy sterf aan kanker," nie. Dis al wat die mens weet. Miskien is die waters diep vir party van julle vanaand. Maar, onthou, God het die belofte gemaak. God hou Sy Woord, en God bewys Sy Woord. Dis die Waarheid.

106 Hy het gewag totdat die waters modderig geword het, totdat hulle diep geword het en oor hulle koppe, ensovoorts, en toe het Hy die weg oopgemaak. Hy het voor hulle uitgegaan en die weg gemaak.

107 Hoe gaan hulle inkom, die Jerigo, wanneer dit heeltemal toe was? Josua het gewonder. Hy het geweet God het hom sover gelei, die volgende stap behoort aan God.

108 Eendag, toe hy buite aan die rondloop was, die mure bespied het, het hy 'n Man sien staan met Sy swaard uitgetrek. En hy het sy swaard uitgetrek en die Man gaan ontmoet, hy het gesê: "Vir wie is jy? Is U met ons of is U vir ons vyand?"

109 Hy het gesê: "Ek is die Leërowerste van die Here." En Hy het vir hom gesê wat om te doen. Hoe gaan hy 'n trompet blaas en 'n muur neerval, waaroor hulle 'n strydwa wedren kon jaag? Wat sou enigiets te doen hê met 'n trompet?

110 God gebruik sulke eenvoudige metodes. Dis so, die eenvoud daarvan, wat dit God maak vir my. Ons probeer altyd een of ander groot iets vind, gaan iets doen, en God. . . een of ander groot organisasie gaan die hele ding neem en dit alles duidelik maak. Wanneer, God 'n eenvoudige persoon neem, net een man wat Hy in Sy hande kan vashou, en Hy sal elke Woord wat Hy gesê het bewys, Daardeur. Gebruik sulke eenvoudige metodetjies.

111 "Blaas 'n basuin." Nie grawe die muur uit nie, maar: "Blaas net 'n basuin, en die mure sal platval. Die blaas van

die basuin sal die mure platslaan." Hoe dwaas vir die vleeslike verstand! Maar God het bewys Sy Woord was waar, want die mure het platgeval, een op die ander. Hulle het reguit opgegaan en hulle het die stad ingeneem.

112 O, God hou daarvan om Homself as God te bewys! Josua het dit geweet. Eendag, en toe hy daar gestaan het, een van die grootste paradokse wat ooit gebeur het, buiten die dood, begrafnis, en opstanding van Jesus Christus. Toe die vyand . . . Hy het hulle verjaag, en die verskillende weermagte was in die berge. Hy het hulle verjaag gehad, en die son was aan die sak. O, goeiste, wat 'n tyd was dit vir Generaal Josua!

113 Onthou, hy het daardie land deurgeveg, sonder om 'n hospitaal, 'n verpleegster, 'n eerstehulp verband, of 'n gewonde man te hê. Wys my iets wat dit kan klop. Ja, meneer, hy het nooit hospitale gehad, geen verpleegsters nie, hy het nooit enige man verloor nie, solank hulle in die wil en die Woord van God gewandel het. God het bewys dat Hy met hulle was. Dis reg. Let nou op.

114 En ons vind uit dat Josua geweet het, as die nag sou kom, sou hulle omglip en bymekaar kom, en—en hulleself versamel en nog 'n groot leër maak, en hy sou 'n moeilike tyd met hulle hê die volgende dag. Hy het nie geweet wat om te doen nie, so hy het opgekyk na God. Hy het hulp nodig gehad, en hy het nodig gehad dat daardie son stilstaan. So hy het net die son beveel om stil te staan, en die . . . gesê vir "die maan om oor Ajalon te hang," nie te beweeg totdat hy dit beveel het nie. En die maan en die son het stilgebly vir vier-en-twintig uur, toe Josua die stryd gestry het en die vyand oorwin het, omdat hy reg in die lyn van plig was. Hy het 'n reg gehad om dit te doen, omdat hy God se gebooie gehoorsaam het.

115 En solank jy in die lyn van plig is, God se Woord hou, net doen wat Hy vir jou gesê het om te doen, marsjeer volgens die opdragte van God, het jy 'n reg om te sê aan daardie berg: "Word verskuif!"

116 God hou Sy Woord. "As jy vir hierdie berg sê: 'Word verskuif,' nie twyfel in jou hart nie, maar glo dat dit wat jy gesê het sal gebeur, kan jy dit wat jy gesê het kry." Jesus het dit gesê, in Markus 11:22. Dis die Waarheid. Ek weet dis die Waarheid. Dis God se Woord, en dit bewys dat dit die Waarheid is. Ons is net partymaal bang. Ons kom by 'n punt, ons is bang Hy sal nie daardie Woord hou nie. Hy sal daardie Woord hou. Hy het gesê Hy sou dit doen. Nou, ons vind dat dit waar is. Hy het dit bewys.

117 Jesaja se profesie, eenkeer, van iets wat nooit gebeur het nie; nooit tevore het nie, en nooit sedertdien nie. Hy het gesê: "'n Maagd sal swanger word." Kan jy jou 'n vrou voorstel, sonder om 'n man te ken, sou 'n kind hê? Jesaja het gesê: "'n Maagd sal swanger word."

118 En God het 'n maagd laat swanger word, om Sy Woord waarheid te bewys. Hy het Sy Woord bewys, want 'n maagd het swanger geword en sy het die Seun voortgebring.

119 Nou, daardie Woord wat vlees geword het, kyk wat het Dit gedoen. Toe daardie Seun voortgekom het, was Hy die Woord Self. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewandel."

120 Hy was daardie lewende Woord. Hy het bewys Hy was daardie lewende Woord. Hy het gesê aan daardie leraars van daardie dag: "Wie kan My van sonde veroordeel?" Sonde is "ongeloof." "Wie kan vir My sê dat Ek 'n ongelowige is? Elke Woord wat van My geskryf is, is vervul." Die laaste sewe voorspellings van Sy lewe is vervul in die laaste sewe ure, op die kruis. Alles wat geskryf is van Hom, is vervul, omdat Hy die Woord was. Hy het bewys Hy was, was. Hy het die siekes genees. Hy het die dooies opgerig. Hy het die dood oorwin, hel, en die graf. Hy het bewys Hy was die Woord.

121 Let op na hierdie geval hier by Jaïrus se huis. Hy was... Hy het vir hulle die waarheid vertel. Ons sien Hom soos Hy die see oorsteek. Hy kom in.

122 Daar was 'n vroutjie bo-op die heuwel, wat al haar geld spandeer het met die dokters. Sonder twyfel, het die dokters alles gedoen wat hulle geweet het hoe om te doen, om die vrou gesond te kry; waarskynlik Hebreeuse dokters, en daardie was 'n Hebreeuse vrou, so hulle het alles gedoen wat hulle kon vir hulle suster. Hoewel, hulle het niks gehad om hierdie bloedvloeïng te stop nie, wat was, miskien, 'n menopouse tyd en haar bloed het uitgevloei totdat sy...dingetjie was so swak, sy kon kwalik meer oor die weg kom. En sy het gehoor van Jesus. En toe sy die bootjie in die wilgers ingestoot sien word, het sy ondertoe gegaan om uit te vind.

123 Baie van Sy kritici het daar gestaan. En Hy is nie vry van kritici vandag nie. As hulle geweet het wie Hy was, sou hulle nie Sy kritici gewees het nie. Maar hulle was Sy kritici omdat hulle nie geweet het wie Hy was nie.

124 En dis hoe dit is met die Booskap vandag, soveel goeie mans en vroue kritiseer Hierdie, omdat hulle nie weet wat Dit is nie.

125 Jesus het gesê: "As julle Moses geken het, sou julle My geken het. Moses het van my gepraat. Baie groot manne het verlang om hierdie dag te sien. As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie. Ek het 'n groter getuienis," het Hy gesê: "as dit van Johannes, want die werke wat Ek doen, bewys dat die Vader in My is." Hy het groter werke gehad, omdat Hy die Geïdentifiseerde was. Johannes

was ook geïdentifiseer, as die stem van een wat roep in die woestyn. Maar toe Hy gekom het, was Hy die profeet waarvan Moses gepraat het, wat opgerig sou word.

126 Soos ek nou die aand gesê het, Hy het gekom in drie name; die naam van die Seun van God, Seun van die mens, en Seun van Dawid.

127 Toe Hy hier op aarde was, die eerste keer, was Hy die Seun van die mens. Hy kon nie toe die Seun van God wees nie; Hy het nooit aanspraak gemaak om te wees nie. Hy het gesê Hy was "Seun van die mens." Wanneer enigiemand Hom sou bevraagteken, het Hy gesê: "Julle sien die Seun van die mens; die Seun van die mens." Nou: "Seun van die mens" is 'n profeet. Hy moes so kom, want, die Skrif, Hy kan nie teenstrydig met die Skrif kom nie.

128 Dis hoekom, vandag, dat ons—ons Boodskap van hierdie uur nie kan kom deur teoloë en teologie nie, dit moet terugkom na dieselfde ding wat dit belowe het om te doen. Dit moet so wees.

129 So ons vind dat, in hierdie Man, Hy 'n profeet moes wees. Nie Seun van God daar nie, Hy moes die Seun van die mens wees. Jehova Self het die profete, Jeremia: "Seun van die mens," genoem. "Wanneer julle die Seun van die mens sien. . . " "Wie is die Seun van die mens?" het hulle aanhou vra.

130 Toe, het Hy Sy amp gedien as Seun van die mens. Toe het Hy nou Sy amp gedien as Seun van God. God is 'n Gees, en wanneer Hy nou gedien het deur die Kerkeeue, as Seun van God. Nou, in die Millennium, sal Hy die Seun van Dawid wees, wanneer Hy op die troon van Dawid sit. Hy sal erfgenaam wees van die troon, Seun van Dawid. Seun van die mens, Seun van God, Seun van Dawid, en dis dieselfde Man die heeltyd.

131 Net soos Vader, Seun, en Heilige Gees; die amp van God. Hy was God die Vader, toe het Hy God die Seun geword, nou is Hy God die Heilige Gees. Nie drie gode nie; een God. Drie manifestasies, drie eienskappe van dieselfde God.

132 Nou vind ons, in hierdie uur waarin ons nou lewe, dat God Sy Woord hou net dieselfde as wat Hy toe het.

133 Ons vind uit dat Hy oor die see gekom het. Hierdie vrou het Hom geglo, daar was iets binne-in haar wat begin klop het. Sy het geen Skrif daarvoor gehad nie, net so min Skrif as wat Josua gehad het om die son te stop, maar sy het in haar hart geglo dat Hy die Seun van God was. So sy het gesê: "As ek net Sy kleed kan aanraak, sal ek genees word." So sy het deur die skare gedruk totdat sy Sy kleed aangeraak het, en die bloedvloeïng het gestop.

134 Nou, Hy het gekyk oor die gehoor, om uit te vind wie Hom aangeraak het. Sonder twyfel was daar iemand. Hy het gestop.

Al die mense wat Hom verdring, en party wat Hom bespot, party wat vir Hom lag; die priester wat eenkant staan en Hom bevraagteken, en die geestelikes, ensovoorts. Maar daar was party wat Hom geglo het. En, en na 'n ruk het Hy gestop, meteens, het omgedraai, gesê: "Wie het My aangeraak?"

135 Party van hulle het gesê: "Wel, Meester!" Ek glo dit was Petrus wat gesê het: "Wel, die hele skare druk U. Wel, wie het U 'aangeraak'? Wel, almal raak U aan!"

136 Hy het gesê: "Maar Ek voel dat deug uit My gegaan het." Hy het swak geword. Dit was 'n ander soort aanraking.

137 As ons dit net kan sien, broer, suster! As jy Hom kan aanraak met daardie sekere aanraking! O, siek mense, ek maak gereed om vir julle te bid, binne 'n paar minute. Ek glo wel dat ek die Heilige Gees het, nie meer Heilige Gees as wat julle het reg daarbuite het, hierdie mense hier het nie. Dieselfde Heilige Gees, maar dis 'n opdrag van God; en as julle dit sal glo om 'n opdrag van God te wees, om te bid vir die siekes, en hande op te lê vir hulle, en bose geeste uit te dryf, en beloftes wat Hy gemaak het, sal dit dieselfde ding wees vir julle. Julle sal kry waarvoor julle vra, as julle dit kan glo.

"Glo jy dat Ek in staat is om dit te doen?" het Jesus gesê.

138 "Ja, Here, ek glo," het die man gesê met die kind met die epilepsie: "Ek glo dat U die Seun van God is na hierdie wêreld gekom het." Nou, ons weet dat dit net daardie gesindheid kan neem om die resultate te bring.

139 Nou, vinnig, laat ons 'n oomblik aan Hom dink, hier is Hy op Sy pad boontoe. 'n Priestertjie kom af, sonder twyfel was daardie kêreltjie 'n grensgeval-gelowige.

140 Daar is baie van hulle in die wêreld vandag, klein grensgeval-gelowiges. Hulle wil Dit glo. Hulle wil glo dat die Heilige Gees werklik is. Hulle wil glo dat hierdie die apostoliese beweging is, soos God belowe het Hy Sy Gees in die laaste dae sou uitstort. Ons. . . hy wil glo in Maleági 4, dat Hy belowe het, dat in die laaste dae die—die oorspronklike pinkster Geloof weer sou herstel word aan die—aan die kerk.

141 Maleági 4 maak daarop aanspraak. "Kyk, Ek sal vir julle Elía stuur in die laaste dag," dis reg: "en hy sal die Geloof van die kinders weer terug herstel aan die vaders," sien: "die Geloof van die vaders aan die kinders, ook." Sien, dit moet wees.

Julle sê: "Wel, dit was Johannes die Doper." Nee, nee.

142 Johannes die Doper was Maleági 3. Dis reg. Matthéüs 11 sê so: "As julle dit kan ontvang, hierdie is hy waarvan gepraat is: 'Kyk, Ek stuur My boodskapper voor My aangesig.'" Dit was Elía, sekerlik. Jesus het gesê dit was. Maar dit was glad nie die Elía van Maleági 4 nie.

143 Want: "Onmiddellik na daardie Boodskap, moes die aarde verbrand word met vuur, en die regverdiges uitloop op die as van die bose." So dit het nooit gebeur in die tyd van Johannes nie. Ons moet 'n Boodskap hê wat terugtrek en die mense uit al hierdie denominasionele toestande bring, terug na die oorspronklike, egte pinkster Geloof. En ons sien dit word gedoen, dis vervulling van 'n Skrif wat moet gebeur. Alle Skrifte moet vervul word. Hoeveel wat ons kan toepas, sou my langer neem as wat my tyd nou is, om te wys. Maar julle verstaan hierdie dinge, dat dit moet gebeur net presies soos hierdie, aan Abraham se kinders, net soos Hy belowe het.

144 Ons sien Jesus nou opgaan om die meisietjie te genees. Want, die Vader, die klein grensgeval-gelowige, iets het gekom by 'n punt waar hy Jesus moes herken, so, die dokter het haar opgegee. En hy het sy klein swart hoedjie opgesit en afgegaan om uit te vind of hy Jesus kon vind. Sien, Hy's altyd net daar wanneer jy Hom wil hê. Hy het Hom gevind net soos Hy aan wal gekom het.

145 En hy het gesê: "Kom na my dogtertjie, lê U hande op haar, en sy sal gesond word." Gesê: "Sy lê op sterwe. Sy's my enigste kind." Gesê: "Sy's twaalf jaar oud. Ons het geen ander kinders nie. Vrou en ek," miskien: "word oud. En hierdie is die enigste kind wat ons het, en sy lê op sterwe. Here, ek glo U. As U net sal kom en U hande op haar lê, sal sy gesond word."

146 Sien, wat het hy herken? Hy het herken dat daardie beloofde Woord van God gemanifesteer was in hierdie Man.

147 Net soos Nikodémus gesê het: "Rabbi, leraar, ons weet dat U 'n leraar is wat van God af kom. Ons weet dit. Die Fariseërs weet dit." Hoekom bely hulle dit nie? "Geen mens kan die dinge doen wat U doen, behalwe as God met Hom was nie. Ons weet dat U van God kom."

148 Hier vind ons uit dat Jaïrus dieselfde ding geglo het. Hy het gesê: "Kom lê U hand." Hy het geweet dat God in Hom was. "Lê U hande op my kind. Hoewel sy op sterwe lê, sal sy lewe."

149 Hy het net saam met hom geloop. En terwyl hy gegaan het, hier kom 'n hardloper wat terugkom, en gesê: "Moet Hom nie pla nie, moenie die Meester verder pla nie. Die—die meisie, dood, sy het nou heengegaan. Sy het heengegaan."

150 Jesus het na Jaïrus gedraai, en gesê: "Het Ek nie vir jou gesê: 'As jy net sal glo, sal jy die heerlikheid van God sien' nie? As jy dit net sal glo!"

151 Hy het in die kamer ingegaan, en daar was hulle, almal aan die treur en huil, en weeklaag, net soos enige persone sou maak. 'n Goeie dogtertjie, 'n pastoor se dogter, het gesterf, en sy is uit hierdie wêreld geneem. En sy was waarskynlik dood

vir ure, en toe het hulle haar uitgelê op die bank, en was gereed om haar liggaam te balsem, miskien, en haar weg te sit, en in begrafnis.

152 Toe het ons uitgevind dat Jesus in die huis ingestap het. Hulle het almal geweeklaag. Hy het gesê: "Wees stil." Hy het gesê: "Sy's nie dood nie, maar sy slaap."

153 Nou kan julle julle voorstel wat hulle gedink het: "Wel, hierdie man ken ons nou. Ons verstaan dat Hy 'n buite-egtelike kind is. En ons hoor van Sy, van al Sy voorbarige voorspellings wat Hy maak. En nou weet ons die priester is reg: 'die man is mal,' want ons weet dat sy dood is. Die dokter het haar 'dood verklaar,' en daar lê sy. Sy is weg, en ons weet sy is dood." Hulle het gesê, hulle het Hom uitgelag, met ander woorde, Hom skaam laat voel, deur Hom te kritiseer.

154 Maar Hy het klaar gesê dat sy nie dood was nie. Dis al wat dit neem. "Sy slaap." Maak nie saak hoeveel kritici nie, Hy gaan Sy Woord bewys! Hy het hulle almal uit die huis gejaag, al die ongelowiges weggekry. Het Petrus, Jakobus, en Johannes, die gelowiges, drie getuies, en die vader en moeder geneem, ingegaan en die dogter aan die hand geneem, en in 'n taal gepraat wat haar siel teruggeroep het van iewers anderkant in die Ewigheid. En die meisie het gelewe.

155 Wat het Hy gedoen? Hy het Sy Woord bewys. Hy het dit wat Hy gesê het bewys. Sy was nie dood nie. Sy het geslaap. Nou vind ons uit, deur dit te doen, te besef, en Hy het iets anders daar bewys. Nou Hy het bewys dat Hy God was. Hy het bewys dat Hy voorkennis gehad het. Kyk wat Sy Woord nou gesê het: "Sy is nie dood nie, maar sy slaap." Sien, sy was nie dood om mee te begin nie. Sy was aan die slaap. Sy voorkennis gewys. Nou, daar mag baie klein dogtertjies doodgegaan het daardie selfde oggend, maar hierdie een was nie dood nie. Sy het geslaap, soos Lásarus het. En Hy het haar uitgeroep uit daardie slaap, want sy was nie dood nie.

156 "En hy wat in My glo, hoewel hy dood was, tog sal hy lewe. En wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie." Net diegene wat op die Lam se Boek van die Lewe is, wat Hy verlos het toe Hy gesterf het, dis wie Hy sal roep uit daardie slaap, op daardie dag, diegene wat lewendig gemaak word deur Sy krag, wat daardie verkwikkingskrag het wat in hulle lê. Selfs soos ek gisteraand gesê het; selfs nadat Elisa gesterf het, en sy bene in die graf gelê het, was daardie verkwikkingskrag steeds op sy bene.

157 Sekerlik, Hy het bewys dat Wie Hy was. Nou vind ons weer uit, soortgelyk, het Hy ook bewys, dat, in Hebreërs die 4de hoofstuk en die 12de vers, het Hy bewys dat Hy die Woord van God was. Hy het beslis. Let op wat Hy gedoen het. Hebreërs, 12, Hebreërs 4:12 sê dat: "Die Woord van God is kragtiger,

vinniger as ’n tweesnydende swaard, en—en Dit is ook ’n onderskeier van die gedagtes en die oorlegginge van die hart.” Hou net ’n oomblik dop nou.

158 Toe Hy eers Sy bediening begin het, nadat Hy uitgekom het om te wys dat Hy die Woord was, toe Hy uitgekom het uit die woestyn, uit Sy versoeking, was daar ’n man met die naam van Petrus, sy naam was toe Simon. En hy het na Jesus gekom saam met sy broer, Andréas. En so gou as wat hy opgeloop het in die Teenwoordigheid van Jesus Christus, het Jesus gesê: “Jou naam is Simon. En jou vader s’n was Jonas. Van nou af sal jy Petrus genoem word.” Dit het bewys dat Hy die Woord was, want die Woord is ’n Onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die hart. Hy was die Woord.

159 Filippus het dit gesien gebeur. Hy het vertrek om die berg, was ’n dag weg, en het teruggekom. En hy het saam met hom ’n vriend gebring met naam van Natánael. En hy het gesê: “Hierdie dinge gebeur regtig. Moses het gesê ‘die Here ons God sal ’n Profeet oprig’ soos hy, en hier is die Man. Wel, Hy het Simon vertel wie hy was, selfs wie sy vader was, en ons weet dat wat Hy sê is die waarheid. Want, God het dit in die Woord gesê, en hier is dit bewys dat Hy dit moes doen, en dit bewys dat dit die Messias is.”

160 En toe hy opstap in Sy Teenwoordigheid, het Jesus vir hom gesê, gesê: “Aanskou ’n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie.”

161 Hy het gesê: “Rabbi, wanneer het U my geken?”

162 Gesê: “Voor Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien.” Hy het Sy Woord bewys. Hy het God se Woord bewys. Hy het.

163 Die vrou by die put, toe sy . . . Wel, Hy het vir haar gevra om vir Hom iets te gee om te drink uit die emmer waarmee sy water uit die put getrek het. En sy het gesê: “Dis nie gebruiklik vir julle Jode om vir ons Samaritaanse vroue so-iets soos daardie te vra nie, want ons het geen besigheid nie.”

164 Hy het gesê: “Maar as jy geweet het wie met jou praat, sou jy vir My gevra het vir iets om te drink.”

Sy het gesê: “Die put is diep.”

165 En die gesprek, soos dit aangegaan het, het Hy uiteindelik uitgevind wat haar probleem was. En Hy het gesê: “Gaan kry jou man, en kom hier.”

Sy het gesê: “Ek het geen man nie.”

166 Hy het gesê: “Jy het die waarheid vertel, want jy het vyf gehad, en die een waarmee jy nou saamwoon is nie jou man nie.”

167 “Wel,” het sy gesê: “meneer, ek sien dat U ’n profeet is.” Sy . . . “Ons het nie een gehad vir vierhonderd jaar nie, jy

weet." Gesê: "Ek sien dat U 'n profeet is. Nou, ons weet dat wanneer die Messias kom, wat die Christus genoem word, wanneer Hy kom, sal Hy ons hierdie soort dinge vertel. Dit sal Sy teken wees."

168 Toe Hy gesê het: "Ek is Hy wat met jou praat," het Hy Sy Woord bewys. Hy. . .ons bewys waarop Hy aanspraak gemaak het om te wees. Hy was die Messias, die Seun van God.

169 Nou vind ons uit, ook, dat hierdie vroutjie wat hierdie bloedvloeïng gehad het, wat Sy kleed aangeraak het, dit het ook aan haar bewys dat Hy die Woord van God was.

170 Nou onthou, vanaand, Jesus het gesê. . .Ook, in Hebreërs, 1, Hebreërs die 3de hoofstuk, glo ek is dit, het Hy gesê dat: "Hy is nou die Hoëpriester," hierdie eeu waarin ons nou lewe: "'n Hoëpriester wat sit in die Majesteit van God, in die Hemele, wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede."

171 Hebreërs 13:8 het gesê: "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Hy's dieselfde God wat Hy toe was. Hy's dieselfde vanaand.

172 Johannes 14:12, het Hy gesê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen. Selfs meer as hierdie sal hy doen, want Ek gaan na My Vader." Sien? "Hy wat in My glo, hierdie werke wat Ek doen, sal hy ook doen."

173 Matthéüs 28, het Hy gesê: "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, maar julle sal My sien, want Ek sal met julle wees, selfs tot die einde van die wêreld."

174 Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Hy staan, vanaand, om Sy Woord te bewys. (My tyd is verby.) Maar Hy het bewys Hy kon. Hy het toe Sy Woord bewys, wat Hy belowe het vir daardie dag. Hy het Jesaja se woorde bewys. Hy het Noag se woorde bewys. Hy het Moses se woorde bewys. Hy het elkeen van die profete se woorde bewys.

175 Hy het belowe dat in hierdie dag, die dag waarin ons lewe, dat die wêreld in 'n Sodom toestand sou wees, homoseksuele. Kyk net daarna in die wêreld vandag, regoor die wêreld waar ek reis; nie net hier nie, oral. Dis krities. In Swede, gaan ski jong mans en vroue, poedelnakend. En hulle in Duitsland en in Frankryk, en oral anders, dis net soort van 'n gepeupel wat ons het hier in die Verenigde State. Dis 'n eeu. Ek, as ek ooit 'n kans kry om ooit terug te kom, wil ek graag praat oor sommige van die profetiese dinge, met julle, en julle wys dat, die eeu waarin ons lewe. Die Bybel het gesê dat: "Kinders sou hulle ouers regeer."

176 [Leë kol op band—Red.] . . .Woord.

177 Maar, onthou, Abraham het 'n saad, wat die saad Isak was. Hy het ander sade gehad na Sara se dood. En hy was honderd vyf-en-veertig jaar oud, hy het met 'n ander vrou getrou, het

sewe seuns behalwe dogters gehad, omdat God hom terug verander het na ’n jong man toe hy ’n honderd jaar oud was. Hy was toe net weer vyf-en-veertig, so toe hy. . .Ons weet dit. Ek het dit vir julle hier in Kalifornië, jare gelede gepreek.

178 En nou verstaan ons dat Abraham se Saad nie die letterlike seksuele saad deur Sara was, wat Isak was, wat ’n volk gemaak het nie, maar die koninklike Saad was deur die belofte, wat Jesus Christus was. En deur daardie Saad, het Hy ’n koninklike Saad opgerig. O, goeiste! Nou is ons ’n koninklike priesterdom, ’n koninklike volk, ’n heilige volk, wat eer gee aan God, die offerhande van ons lippe wat Sy Naam bely. God het Sy Woord bewys, Hy het die Heilige Gees oor ons uitgestort.

179 Hy het gesê: “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word.” Nou het julle opgelet? Vanaf Seun van God, net voor Hy Seun van Dawid word, openbaar Hy Homself weer as Seun van die mens. Het julle die Skrif opgelet?

180 Want, Hy doen altyd. Hy doen nooit iets sonder dat Hy dit bekend maak aan Sy dienaars die profete nie. Dis presies. Dis wat Sy belofte was. Sien? Hy doen nooit niks. . .God kan nie lieg nie. Hy openbaar dit altyd, eerste, voordat Hy dit doen.

181 Kyk na die situasie waarin ons vandag sit. Kyk waar is ons. Elkeen van julle sal erken ons is in ’n moderne Sodom. Julle weet hierdie land gaan dit kry. Hulle is by hoop verby. Daar is geen verlossing oor vir hierdie volk of enige ander volk nie. Ons is nou by dit verby. Die profesieë wat hieroor geprofeteer is, is vervul. God tel op, kry daardie skapies waar dit ook al is. Dit sal almal in wees, eendag. Ons is aan die endtyd. Kyk, posisioneel.

182 Ek vra julle, net as ’n broer of suster, om net ’n oomblik nog geloof te bou voordat ons bid vir hierdie mense. En ek weet ons hoef nie te gaan op enige sekere tyd nie. Maar ek—ek—ek wil die gebedslyn begin, dan kan julle wat moet gaan, dan gaan. Sien? Julle wat in die gebedslyn wil bly, kan bly. Maar laat my net, net as ’n broer, net ’n oomblik iets vir julle uitwys.

183 Hou Jesus dop, in Lukas 17:30, sien, toe Hy daar gesê het oor die endtyd, hoe hulle sou wees soos in die dae van Noag. Toe het Hy gesê: “En soos, soortgelyk, in die dae van Sodom,” gesê: “wanneer die Seun van die mens geopenbaar word.” Die Seun van die mens weer, nie Seun van God nie: “Seun van die mens,” sien, dit bring weer Maleági 4 in, net reguit terug. Al hierdie ander profesieë wat reguit inkom, hoe dit veronderstel is om gedoen te word. Hy bewys dat Sy Woord reg is. Dis reg.

184 En let op, deur dit te doen, hoe Hy Sy Gees gaan uitstort oor alle vlees, en wat gaan plaasvind, hoe die herstel gaan

terugkom. "En julle seuns en dogters sal profeteer. Op My diensmaagde en diensknegte sal Ek My Gees uitstort. En Ek sal tekens bo in die hemele toon."

185 Ek het 'n foto hier, van Broer Lee Vayle hier. Ek wil julle graag wys net wat plaasgevind het bo-op die berg nou die dag, toe al die skoolkinders uitgegaan het, net voor hierdie groot onderwerp van die oopmaak, daardie Sewe Seëls. Toe die skoolkinders uitgegaan het, toe ek daarbo aan die bid was, het Vuur net hier in 'n tregter afgekom, toe weer opgegaan en uitgebars, en omgedraai en weer afgekom. Dis wat Hy gesê het wat om vir die mense te gaan sê. Ons. . .Daar is Dit, waar die skole van Tucson. . .en waar Dit in die lug opgegaan het.

186 En wetenskap het die foto's geneem, ensovoorts, en bevraagteken Daaroor. Hulle het gesê: "Waar is Dit? Wat het gebeur?" Hulle kan dit nie uitmaak nie, sien. O, dis nie in 'n hoek gedoen nie, slegs verdonkerde gewete. Dit nooit. . .Jesus, toe Hy hier was, was daar miljoene mense wat nie geweet het Hy was op die aarde nie. Ja. Daar sal miljoene vandag wees wat nie sal verstaan nie, tiene van miljoene van hulle.

187 Maar daar sal wees, aan diegene Wie Dit gestuur is, hulle sal verstaan. "Die wyses sal hulle God ken in daardie dag, en hulle sal wonders doen." Ons besef dit, die uur waarin ons nou lewe.

188 Kyk nou na Sodom, kyk wat gebeur het. Hy het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom." Daar was 'n groep mense wat gesoek het na 'n beloofde seun. Ons glo dit. Dit was Abraham en sy groep. Daar was 'n louwarm klomp, Lot, half teruggeval, tog 'n gelowige; onder in Sodom. Drie klasse mense.

189 Daar is altyd daardie drie klasse. Gam, Sem, Jafet se mense. Ook, gelowiges, skyngelowiges, en ongelowiges. Hulle is oral, en ons—ons vind hulle in elke groep. En, oral, vind jy hulle. En daardie groepe is steeds hier. Jy moet dit onderskei. Jy kan dit neem regdeur die Skrif, pas net homself reg in.

190 Luister hierna. Kyk na waar ons sit, posisioneel en profeties, vanaand. Nou, elkeen van ons weet dat die wêreld in 'n Sodomitiese toestand is.

191 Ons ken al die profesieë van Israel, is in sy tuisland. As julle wil weet waar ons nasionaal staan, hou Israel dop, waar dit is.

192 As jy wil weet in watter toestand die kerk is, hou dop hoe vroue optree. Sy's die kerk. Sien haar, onsedelik, onbetaamlik; kyk, kyk waar die kerk is. Hou dit net dop, sien, sien, hou net vroue dop. Julle sien waar, hoe julle vrou verlaag en so besoedel word, dis hoe julle kerk is, sien, die tipe.

193 Hou dop waar Israel is, julle sien die tyd getal waar ons is. Sien, hou net daardie tekens en wonders dop. As julle—as julle, of as julle oë oop is, sien waar ons is.

194 Nou kyk posisioneel waar ons sit, die wêreld in 'n Sodom toestand. Nou let op: "soos dit was." Nou let op, daar was iemand, in daardie dag, wat uitgekyk het vir 'n komende beloofde seun. Abraham en Sara, hulle het uitgekyk vir 'n beloofde seun in Abraham se groep. Hulle was nie in Sodom nie. Maar net op die oomblik, die laaste hoofstuk van die gebeurtenis, net voor die beloofde seun gekom het, was daar drie manne wat afgekom het uit die Hemel, 'n Engel . . . twee Engele en God. En hulle het afgekom en met Abraham gepraat, onder die eikeboom. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen!"—Red.] En twee van hulle het afgegaan in Sodom in en uitgeroep teen die sondes van die stad. En dit was net voor die verbranding van die Heidense wêreld, op daardie tyd. Die hele Sodom het toe vergaan. Net 'n paar is uitgetrek, Lot en sy twee dogters. Sy vrou het dit nooit gemaak nie; sy het omgedraai. Hoe ek graag sou wou tyd hê om dit nou net vir julle te wys, waar daardie kerk by daardie plek staan. Ek wil hê julle moet nou oplet.

195 En een Man het agtergebly, wat met Abraham gepraat het, en Hy het 'n teken gedoen vir Abraham. En, kyk, Abraham het God in baie groot tekens gesien. Ons glo dit, nie waar nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Net voor die komende seun. Maar voor die seun gemanifesteer is, was daar 'n teken wat hy gegee is.

196 Want, die Seun, die ware Seun, sou die Seun van God wees, deur Abraham se geloof, sien, was Jesus. Ons, as Abraham se saad, dood in Christus, ons is Abraham se saad.

197 Let nou op net voor dit gebeur het, hierdie seun wat sou kom. Nou, hierdie Een wat gebly het en gepraat het met Abraham, het Sy rug gedraai gehad na die tent, en Hy het gesê: "Abraham." Nou, net 'n dag vantevore, was hy Abram. Nou het Hy gesê: "Abraham, waar is jou vrou, Sara?" nie Sarai, S-a–r-a–i nie. S-a–r-a, prinses. "Waar is jou vrou, Sara?"

Gesê: "Sy is in die tent agter U."

198 Hy het gesê: "Ek gaan jou besoek, sien, volgens My belofte wat Ek jou gemaak het." Met ander woorde: "Die tyd van die lewe, Sara sal weer haar gewone tyd van die lewe begin."

199 En Sara, oud, 'n honderd jaar oud nou, in die tent, het in haar mou gelag. Sien, sy het by haarself geglimlag, gesê: "Hoe kan daardie Man reg wees? Sien, ek as 'n ou vrou, my heer Abraham, daarbuite, ook oud, familieverhouding is al vir jare verby." Gesê: "Hoe kan ek ooit weer plesier hê met my heer? Hy wat oud is, en ek oud, verby voortbring, melk-are weg, alles . . . 'Sy is opgedroog.' "Hoe kan ons ooit weer plesier hê?"

200 En daardie Man, Sy rug gedraai na die tent, het gesê: "Hoekom het Sara gelag, gesê: 'Hoe kan hierdie dinge wees?'" Wat was dit? Onderskeiding, 'n profetiese! Sien? Sien? Dis wat hy gesien het.

201 Nou Hy het gesê: "Dit sal weer terugkeer, en die Seun van die mens," wat dit was, dit was die Seun van die mens net daar. Wel, hy het Hom Elohim genoem: "Here God." Elohim, enigiemand weet dis reg, Elohim is die Here God. "In die begin het Elohim die hemele en aarde geskape," die Algenoegsame. Die Seun van die mens wat vlees geword het, daar het Hy gestaan daar in die vlees op daardie tyd, soos 'n teofanie, daar gestaan en onderskei wat Sara gesê het in die tent agter Hom. Hy het belowe. Kyk. Die Koninklike Saad van Abraham is belowe om daardie selfde ding te sien.

202 Maar let Lot op, hy het ook 'n boodskapper daaronder gehad, twee van hulle het ondertoe gegaan. Een van hulle het ondertoe gegaan, en nog een het saam met hom gegaan, en hulle het gepreek en die mense geroep om te vlug van die toorn wat sou kom.

203 Posisioneel, het die wêreld nooit gesit in daardie toestand nie, vanaf daardie dag dat Jesus die belofte gemaak het, tot net nou nie. Ek wil enige historikus vra wat in die gebou mag sit, of selfs as jy hierdie band hoor, en dit op enige tyd hoor, skryf asseblief vir my. Ek het nou geskiedenis bestudeer vir omtrent dertig jaar, die Bybelgeskiedenis, en daar was nooit 'n persoon wat ek ooit gesien het in die hele geskiedenis van die kerk, deur die sewe kerkeeue nie. Dat ons nou in Laodicea is, en ons weet dit.

204 Nooit was daar 'n boodskapper, wat ooit na die hele kerk gegaan het, met die naam wat eindig met h-a–m, tot nou nie. G-r–a-h–a-m, Billy Graham. Daar was Moody's, Finney, Sankey, Knox, Luther, ensovoorts, maar nooit 'n h-a–m nie: "vader van nasies." Nou onthou, hy is G-r–a-h–a-m, ses letters. Maar A-b–r-a–h-a–m is sewe letters. Let op, hulle is daaronder, Billy Graham, wat in al die—die dele van die wêreld gaan, en uit Sodom uitroep: "Kom uit, vlug van die toorn wat kom." Daar is geen man waarvan ek weet, in die veld, wat 'n houvas het op God, op daardie Woord van regverdigmaking, soos Billy Graham het nie. Hy kan dit voorstel. Hy is nie so 'n teoloog nie. . .Ek reken hy is 'n teoloog, maar hy is nie net 'n kragtige leraar nie. Maar God is met hom. Daardie man sal daar staan met soos 'n Sondagskoolles, daardie mense hulle laat verluister. Hy's God se dienaar van die uur. Aan wie? Die kerk natuurlik, dis in Sodom.

205 Maar onthou, daar was een kerk geestelik, wat ook nie in daardie denominasionele span was nie. Uitgeroepte groep, en hulle het ook 'n boodskap ontvang, en 'n boodskapper. En wat was dit? Die gedagtes te onderskei wat in die hart was. God bewys altyd Sy Woord.

206 Laat ons bid. Dierbare Hemelse Vader, hierdie kritieke tyd, waar besluite moet gemaak word, tyd verbytik, ons nie

weet watter uur ons Here mag kom nie. En soos ons hierdie profesieë sien wat deur Hom gemaak is, deur U profete af deur die eeue, nou ontvou word. O God, hoe dank ek U hiervoor, dat selfs liggaamlik geskikte manne, geskikte manne in—in teologie, wat kan opstaan teen die listighede van die wêreld en die ongelowiges, en op hierdie panele, en sonder 'n sweempie twyfel en dapper daar staan, wetend waar hulle staan en die Woord as waar bewys; deur die Skrifte. En dan ons wat vir U Koms wag, Here, hierdie ander dinge glo wat geprofeteer is om te gebeur, om te staan en te geniet om te sien hoe U reg onder ons wandel, en die einste ding wat U gesê het sou plaasvind, U Woord as reg bewys. Ewige God, U siek kinders sit hier.

207 Ek weet nie hoeveel tyd ons meer het om te werk nie. Die aandson sak. Maar U het belowe, aan die profeet: "Dit sal lig wees in die aandtyd." En ons sien dieselfde son wat opkom in die ooste, is die een wat sak in die weste. Beskawing het saam met die son gereis, en nou is ons by die weskus, en die Evangelie het saam met die beskawing gereis. Nou, Vader, ons weet hierdie is die einde van die Evangelie, die einde van tyd, die einde van die eeu. Sy doof uit in die Ewigheid in. Maar U het belowe dat die Seun sou uitkom, die Seun van die mens geopenbaar sou word. In die laaste dag, sou dit plaasvind. Die Aandligte het gekom, Vader. Ons dank U daarvoor. En nederig soos dit is, tog doen U dit so eenvoudig, baiekeer, dat dit oor die kop van die groot, sogenaamde diep denkers gaan, en dit openbaar aan babatjies wat wil leer.

208 Ek bid, God, dat U dit so sal maak, vanaand, dat U arme siek kinders hier die belofte van God sal sien, en elkeen van hulle genees sal word, en daar sal uitgaan, môre, met nuwe sterk liggame, en gesond sal wees. Skenk dit, Here, sodat hulle die Boodskap van een na die ander kan neem, totdat die laaste een in die kudde is, en dan sal die deure toegemaak word. Help ons, dierbare God. Ek vra U, vanaand, ten aanskoue van dit alles, as U nog net een keer sal kom, Vader, vir my.

209 Dit—dit het geblyk, nou die aand, dat die mense dit nie veel opgelet het nie. Maar, ek bid, laat dit weer gebeur vanaand, Here. Want, ek het oor my bepaalde tyd gegaan om te praat, maar ek weet nie hoeveel langer ons gaan hê om dit te doen nie. So, ek bid, Vader, sal U my hoor? En ek hoor die gebed van hierdie goddelike mans en vroue wat hier sit vanaand, wat gevul is met U Gees. Hulle is gelowiges, Here, U kan net onder hulle werk. En ons. . .Ek bid dat U U Woord sal bevestig wat U gesê het: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen." Laat dit weer wees, Jesus, om te bewys dat U dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Ek vra dit vir die heerlikheid van God, in die Naam van Sy Seun, Jesus Christus. Amen.

210 Nou, net vir 'n oomblik, wil ek weet hoeveel mense hierbinne is wat gebedskaarte het. Ek—ek wil hê julle moet julle hande opsteek, elkeen van julle, wat gebedskaarte het. Wel, dis algemeen, reken ek, omtrent oraloor.

211 Ek wonder hoeveel mense hierbinne nie gebedskaarte het nie, en tog is jy siek, sal julle julle hande opsteek en sê: "Ek het nie 'n gebedskaart nie, en tog is ek siek. Ek is behoeftig."

212 Ek wil julle vra om eerbiedig te wees vir 'n oomblik. Nou, ek hou daarvan om met julle te praat. Dis altyd my probleem, ek praat te lank. Maar voordat julle kom, hoop en vertrou ek—ek dat God hierdie en wat ek gesê het as die Waarheid sal bewys, en Hom net laat—laat sien.

213 Nou, hoeveel wat daarbuite sit wat siek is, wat weet dat ek nie een ding van julle weet nie, steek net julle hande op. Kyk net daarna. Goed.

214 Ek wil julle hê sonder die gebedskaarte nou. Die gebedskaarte sal geroep word. Ek wil hê julle moet bid.

215 Die Bybel het gesê dat: "Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd." Hy sê: "Hy is die Hoëpriester wat daar sit en voorspraak maak op ons belydenis." Ons moet dit eers bely, voordat Hy 'n Hoëpriester kan wees, want Hy doen net voorspraak op ons belydenis. Is dit reg, predikerbroers? [Die predikers sê: "Amen."—Red.] Sien, Hy maak net voorspraak op ons belydenis, wat ons bely Hy is, wat Hy vir ons gedoen het. Nie wat Hy sal doen nie. Hy het dit alreeds gedoen. Ons moet bely wat Hy alreeds gedoen het. "Vir ons oortredinge is Hy deurboor, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."

216 Nou, die Hemelse Vader weet. En deur oor julle te kyk, is om te sien ek herken 'n goeie vriend van Ohio, hy en sy vrou wat daar sit, is Mnr. Dauch en sy vrou. En ek glo, wat tweede of derde van hulle af sit, is weer daardie Eerwaarde, Mnr. Blair wat ek gisteraand gesien het. Dis donker oor die gehoor, vir my, as gevolg van hierdie ligte hier is soort van 'n bietjie skerp vir my, en ek—ek sien julle nie te goed nie.

217 Maar ek wil hê julle moet bid. En plaas julle op julle hart die ding wat julle nodig het, en vra julle ons Hoëpriester, Wie aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede.

218 Nou, ek wat julle nie ken nie, en julle mag my net oraloor aanraak, maar soos om julle broer aan te raak, julle man, julle pastoor, iemand, dit sou nie—dit sou glad nie help nie. Maar as julle Hom kan aanraak, en as ons waarlik in lyn is met Sy Gees, dan kan Hy julle geloof gebruik om Hom aan te raak, en my gawe om deur terug te praat.

219 Sien, ek sou net so stom wees soos hierdie, hierdie hier is, sonder 'n stem wat daardeur praat. Daar moet. . .Hierdie,

hierdie is ’n stomme, sonder iemand hier om daardeur te praat. En so is enige persoon, is ’n stomme, wanneer dit by hierdie dinge kom, behalwe as God deur hulle praat.

220 Nou bid julle, en laat ons kyk of hierdie dinge wat ek gesê het die waarheid is. God help dat dit so is. Ek sê nie dat Hy sal nie. Ek hoop dat Hy sal. Ek vertrou dat Hy sal. Hy het my nog nooit gefaal, deur die jare, oor en om die wêreld, met alle soorte van volke, en miljoene mense nie. Hy het my nog nooit gefaal nie. En ek is seker, net so seker as wat ek glo ek hier staan, dat Hy my nie nou sal faal nie.

221 Ek gaan julle net vra om eerbiedig te wees en te bly sit, net vir ’n paar oomblikke. Ons gaan die hoofgehoor verdaag en bid vir die siekes, net binne ’n oomblik.

222 Maar ek wil hê, julle, julle gelowiges, dat as julle net nie na my sal kyk nie, maar glo. Sê: “Ek glo dat wat die man gesê het die Skrif is. Ek weet nie of ons so ver in die tyd op is as wat hy gesê het ons is nie. Maar, as dit is, dan moet dit gebeur. As sy Woorde God se Woorde is, dan, sy woorde sal faal, maar God se Woorde sal nie.”

223 God is verplig om Sy Woord te ondersteun. Hy sal Dit bewys. Hy sal Dit bewys. “Hy wat in My glo.” Hy het bewys dat hierdie die laaste dag is. Hy het bewys dat dit sou gebeur. Hy het bewys dat dit veronderstel was om te gebeur.

224 En, onthou, Abraham en sy groep het nooit nog een teken van God ontvang, totdat die beloofde seun gearriveer het nie. Hoeveel weet dis waar? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Daardie teken van onderskeiding! En die koninklike Saad van Abraham, laat ek julle hoor. . .Laat ek vir julle sê, SO SPREEK DIE HERE, julle ontvang julle laaste teken. Dis volgens die Skrifte en die openbaring van God wat in my hart is, wat spreek dat hierdie die Waarheid is. En ek vertrou dat julle dit sal glo as die Waarheid.

225 Nou glo julle. Elkeen glo net, sê: “Here Jesus, laat my U aanraak. Ek het ’n behoefte in my hart, en ek weet Broer Branham weet niks van my nie. Ek ken nie eens die man nie, hy ken my nie, maar U ken. En as hy my die Waarheid vertel het, sal dit gebeur.” Ek vra julle, moenie beweeg nou nie, net vir ’n rukkie. Wees baie. . .

226 Sien, julle is gees. En ek neem elke gees hierbinne onder my beheer, in die Naam van Jesus Christus, dat Sy Woord vervul mag word.

227 Nou wees net eerbiedig. Bid. Kyk na Hom, sê: “Here, ek glo dit. Help U my ongeloof.”

228 Laat ons begin. Ek moet konsentreer op een of ander soort van ’n deel van die gebou hier, want, sien, soveel van julle, en elkeen van julle is ’n gees.

229 Ek kan nie. Jy sê: "Wat van my?" Ek kan jou nie sê nie. Dis soewerein. Al die werke van God is soewerein. Daar sal baie mense genees word wat oor hierdie platvorm gaan, vanaand, daar sal waarskynlik baie nie wees nie. Dis alles in die soewereine van God. Wie kan vir Hom sê wat om te doen? Niemand nie. Hy werk volgens Sy Eie wil, Sy Eie plan.

230 Maar glo julle net. Wees nederig. Moenie senuweeagtig wees nie. Reik net uit na God en sê: "Here God, ek glo dit." Sien? "Laat my U kleed aanraak. Ek het behoefte aan so-en-so. Ek weet die broer ken my nie, of ken nie my behoefte nie, maar hy het ons vertel van hierdie dinge wat U gedoen het, en sê dat U dieselfde hier is vandag."

231 Dit sluit nie julle broers hier op die platvorm uit nie, enige van julle. Ek vra julle net, my broers, as medewerkers van die—van die Evangelie van Christus. Ek praat met julle net so opreg as wat ek weet, as 'n—'n sterwende man saam met julle, sien, wat hierdie wêreld verlaat. Ek moet weggaan. En ek moet verslag doen by die Oordeelsdag, van wat ek sê. Ek is bewus daarvan, baie bewus. En ek waardeer julle manne, wat julle is, wat hier saam met my staan, my help. Ek probeer julle help, om alles te doen wat ek kan, om die Koninkryk-van-God se ontwil.

Ek bid en vra.

232 Hier, hoeveel het ooit daardie Lig in die foto gesien? Het julle die foto Daarvan gesien? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Daar hang Dit net daar. Kan julle Dit nie sien nie?

233 Dis bo-oor daardie dame wat daar sit met haar sakdoek. Sy bid vir 'n geliefde. Dis reg, dame. [Die dame sê: "Dis reg, Broer Branham."—Red.] Daardie geliefde . . . Glo jy dat ek Sy profeet is, of verskoon my, Sy dienaar? ["Ek glo dit beslis."] Jy glo dit? Goed. Nou, as God aan my kan openbaar wat verkeerd is, wel, sal jy dit aanvaar as van God af, net soos die vrou wat Sy kleed aangeraak het? Nou, jy weet jy's—jy's twintig of dertig voet van my af, of meer, jy't my nooit aangeraak nie. Maar jy't Iets aangeraak, dat jy weet jy is in kontak met Iets, Iemand. Wat dit is, dis vir 'n vrou, wat jou dogter is. Dis reg. Glo jy dat sy gesond gemaak sal word? Sy's 'n dwelmslaaf. ["Dis reg."] Dis presies reg. ["Dis reg, broer."] Ek sien haar swem, dronk. Sien? Nou, die sakdoek wat jy in jou hand het, plaas jy op haar, en moenie twyfel nie. Ek glo dat God haar sal verlos. Sal jy dit saam met my glo? Amen. ["O! Dank U, Jesus!"]

234 Nou, ek ken nie die vrou nie, maar God ken haar. Glo julle nou met julle hele hart?

235 Die man wat daarbo sit met die streephemp aan, met 'n breuk, glo jy dat God jou sal genees en jou sal gesond maak? Glo jy dat Hy dit sal doen? Ek het nooit die man in my lewe gesien nie. Het jy 'n gebedskaart, meneer? [Die man sê: "Nee, ek het nie."—Red.] Jy het nie? Jy't nie een nodig nie.

"As jy kan glo!"

236 Hier sit 'n vrou wat oor die kop van hierdie vrou wat reg hier sit, probeer kyk. Sy is 'n vreemdeling vir my. Maar sy is baie senuweeagtig. Ek ken haar nie. Ek het haar nooit gesien, in my lewe nie. Maar God ken haar, en sy besef net nou sy's in kontak met Iets. Jy het daar gebid vir een of ander saak. Die rede waarom jy dit doen, jy kan nie langer as vanaand bly nie. Jy moet die diens vanaand verlaat. Jy beplan om môre na jou huis toe te gaan. Jy's nie van hier nie, of jy's ook nie van Kalifornië nie. Jy gaan oos van hier. Jy gaan per lug. Jy beplan, per lug te gaan. Jy's van Oklahoma. Ja. Dis reg.

237 Jy's ook in 'n sterwende toestand. Jy het hiernatoe gekom om voor gebid te word. Jy het nie 'n gebedskaart nie. Maar jy't geglo dat jy genees gaan word, as jy net hier kan kom. Dis reg. Ook, jou toestand is kanker. Die kanker is in die been. Glo jy dat jy nou genees gaan word? Glo jy jy's in kontak met Hom, my suster? Miskien sal God vir my sê wie jy is, sal dit jou dan help? As dit is, steek jou hand op as jy dit glo, dat (God) dit jou sal help. Goed, Mev. Steel, jy kan terugkeer na Oklahoma.

Ek ken nie die dame nie. Ek het haar nooit gesien nie.

238 Hier's 'n dame wat reg hieragter agter haar sit. Sy ly aan spatare. En sy het ook 'n seun wat 'n alkoholis is, en sy bid vir hom. As sy sal glo, kan sy genees word. Mev. Mason, sal jy glo met jou hele hart, en glo dat Jesus Christus die genesing vir jou sal gee? Jy glo?

239 Goed, lê dan jou hand op daardie dame wat daar langs jou sit, sy bid vir haar man wat ongered is. God sal die genesing gee.

Laat ons bid.

240 Dierbare God, ek bid dat U daardie seëning vir haar sal gee. Gee daardie vrou die begeerte van haar hart, Here. Haar geloof is so naby U, dit het U aangeraak. En ek bid, Vader, dat U sal help, in Jesus se Naam. Amen.

241 Nou glo met jou hele hart, en jy sal dit ontvang. Sal jy dit doen? Goed. God seën jou.

242 Glo jy jou man gaan gered word, dame? Glo jy met jou hele hart? Steek jou hand op, jy glo.

243 Daar blyk te wees, voor my, 'n vrou wat baie swaar is. Daar sit sy. Glo jy dat ek God se dienaar is? Glo jy dat ek God se dienaar is? Jy glo? Goed. Ek ken jou nie. Wat jou probleem is, is kliere. Jy's oorgewig. Jy was na 'n dokter, hy't gesê hy kan niks daaraan doen nie, maar dit was 'n aardse dokter. Sien? Jou. . .Jy het pas baie smart gehad. Jy't jou man verloor. Jy's nie van hier nie. Jy's eintlik van Arkansas. Jy soek werk, ook, en jy kan nie werk kry nie. Jy was bang dat, iets, jy nie geroep

sal word nie. Maar jou geloof het God nou aangeraak. My suster, gaan jy, glo. God gee jou 'n werk, gee jou die begeerte van jou hart.

244 God bewys Sy Woord as waar. Glo julle dat dit so is? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou wil ek net hê julle moet weer saam met my bid.

245 Vader, God, U is dieselfde God wat bewys het. Toe U gesê het: "Die dogtertjie is nie dood nie, sy slaap," toe moes U dit bewys. Nou, U het belowe, dat net voor die koms van die endtyd, dat die Seun van die mens Homself op dieselfde wyse sou openbaar wat Hy het by Sodom. U het dit belowe, Here. Nou het U gekom na die aarde, in die vorm van die Heilige Gees, en onder ons gekom, vanaand, ons gelowige mense, en het dit bewys. U het U Woord bewys soos U het daardie dag. Here, ons het nie meer bewys nodig nie. U is onder ons. Ons het U lief. En ons besef dat hierdie die laaste teken is net voor U Koms, volgens die Skrifte. En al die skaduwees en tipes sal nooit faal nie. Hulle moet positief wees.

246 So ons bid, Vader, soos U kinders nou kom om voor gebid te word, dat elkeen genees sal word. Mag daar nie 'n siek persoon onder ons oor wees, aan die einde van hierdie genesingsdiens nie. O dierbare God, sal U U salwing so genadiglik op U mense net nou laat wees, dat elkeen van hulle genees mag word?

247 En as daar sommige hier is, wie nog nie U kinders is nie, en op grond van hierdie dinge, dat. . .Hulle het die Woord gehoor en die ding gesien doen word, net presies bewys tot die einste letter, en Wie U is, en wat U is, dat U hier is.

248 En, Here, sou U—sou U 'n leuen seën? Wel, sekerlik nie, Here. Maar U het belowe om U Woord te seën, en dit sou nie leeg terugkeer nie. Dit sou bereik dit waarvoor Dit bedoel was. En nou het U dit voor ons gedoen, vanaand, sonder enige sweempie twyfel.

249 En met ons hoofde gebuig, is daar mense hier wat nooit tevore geglo het nie, wat net graag julle hand wil opsteek? Met jou hoof gebuig, steek net jou hand op. En staan op jou voete, en sê: "Ek glo nou, met my hele hart. En ek wil Jesus Christus aanvaar, net nou." Sal julle dit doen, enige mense, enige mense wat hier is, wat nog nie Christus aanvaar het nie, en dit wil doen op hierdie tyd? Ek sal julle nie sê. . .Gaan julle na die kerk van julle keuse. Maar ek vra julle om Jesus Christus te ontvang terwyl julle. . .Julle sal waarskynlik nooit nader aan Hom wees totdat julle Hom in persoon sien wanneer Hy kom in Sy sigbare liggaam van die Hemele nie. Sal julle Hom nou aanvaar as julle dit nog nie gedoen het nie?

250 Op grond daarvan dat ek niemand hier sien staan nie, glo ek dan dat almal van julle gesonde verstand, verstandige

mense is, en besef wat julle doen. As julle daar sit hieronder, onthou julle: "As julle skaam was vir My voor mense, sal Ek skaam wees vir julle voor My Vader." Daar was iemand wat opgestaan het, miskien, ja, in die gehoor, in die agterkant.

251 Dierbare God, daardie mag, ek nie sien nie, wat staan, hulle wil U aanvaar. Hulle besef, Here, dat hierdie nie gedoen is tot hierdie tyd nie, en U dit nou bevestig en dit as reg bewys. Ek bid, Vader, dat in hulle harte, wat vreemd geroer is op hierdie tyd . . . Hoe weet ons dat hierdie nie die laaste persoon is wat moet inkom nie? Hierdie mag die einde vir Los Angeles wees. Hierdie mag die laaste siel wees wat gebore word in die Koninkryk. Ons weet nie wanneer daardie tyd kom nie. En wanneer dit aanbreek, sal die deur toegemaak word, sal die Liggaam volledig wees. En dit sal nie 'n frats Liggaam wees of 'n frats Bruid nie. Dit sal net soveel lidmate moet wees wie se name op die Lam se Boek van die Lewe geplaas is voor die grondlegging van die wêreld, na wie Jesus gekom het om te neem, soos Adam, reguit uitgeloop het om sy vrou te red. Ek bid, God, dat U hulle nou sal ontvang in U Koninkryk. Hulle is in U hande. Deel met hulle, Here, bid ek in Jesus se Naam. Amen.

252 God seën elkeen van julle wat gestaan het. Ek het nie geweet party van julle het gestaan nie. Party het in die agterkant gestaan, party bo in die balkon. Nou wil ek hê julle moet een ding vir my doen. Verstaan my asseblief. Ontmoet een of ander prediker hier en praat daaroor met hom, nadat die kerk verby is. Sal julle dit doen? Moenie dat dit faal nie. As julle nooit gedoop is in Christendoop nie, doen dit volgende, en bly dan met julle hande op totdat julle die Heilige Gees ontvang.

253 Nou, en baie mense het gebedskaarte hier. Ons gaan hulle vra om te staan, hiernatoe te kom, en ek reken oorkant toe te loop. Of sal ek moet kom . . . ['n Man sê: "Nee."—Red.] Ek sal nie in staat wees om dit te doen nie. ["Kom van hierdie kant af hiernatoe."] Van hierdie kant hier oorkant, kan hierdie kant toe uitkom, oorkant aan hierdie kant, die mense wat gebedskaarte het.

254 En nou as daar enige is van julle wat moet gaan, dis . . . Ek's laat. Ek's jammer. Ek sal dit 'n bietjie beter probeer doen more-aand. Om . . . dis tien minute oor tien, volgens die horlosie op die muur. Baie dankie vir julle teenwoordigheid vanaand, mag die God van die Hemel julle seën. As julle wil bly en die gebedslyn dophou, is julle altyd welkom. Maar ons gaan nou begin bid vir die siekes, en ek wil julle nie hou nie, behalwe as julle wil bly. Julle is verdaag in die Naam van Jesus Christus. Mag God se vrede met julle wees en julle seën, en julle rus in julle liggame gee, deur die nag, en julle goeie gesondheid skenk sodat julle weer more-aand kan terugkom. God wees nou met julle.

255 En laat diegene wat gebedskaarte het, staan vir gebed nou, soos ons universeel bid vir die mense. Nou ons wil hê julle moet weet, nou, julle wat met 'n gebedskaart staan, is daar enige twyfel in julle lewe? As daar is, verskoon my, enige sonde in julle lewe wat julle nie bely het nie? As daar is, laat my vir julle dit vra. Moenie in die gebedslyn kom met onbelyde sonde in julle hart nie. Want, julle moet. . .Hierdie is die kinders se brood, sien. En as jy nie 'n Christen is nie, gee jou lewe oor aan Christus, in die gebedslyn, kom dan. Dis vir die gelowige. Sal julle dit doen? Aanvaar Hom eers as julle Verlosser, en kom dan oor die platvorm, om voor gebid te word.

256 Nou gaan ek bid vir elke indiwidu; hulle nie net laat verbygaan soos een of ander roetine nie. Ons is nou in 'n kerk. Ek dink Suster Wyatt het ons die rede gegee dat ons kan bly en bid. ['n Man sê: "Ja, heelnag lank, so lank soos julle wil."—Red.] Ons kan bly so lank as wat ons wil. En ek bedank Suster Wyatt en die personeel hier, dat ons dit kan doen. God seën haar. Haar dapper man het gestaan op hierdie platvorm, gebid vir die siekes, totdat hy gesterf het, sover ek weet, 'n ware soldaat van die kruis. En nou probeer ek aanhou om dieselfde ding te doen, seën hierdie mense.

257 En nou bid ek dat elkeen van julle wat hier verbykom. . . Julle hoef niks te bely wat julle wil nie. Julle hoef niks te sê wat verkeerd is met julle nie. Kom net en laat ek vir julle bid, en glo.

258 Glo julle dat God my gestuur het om dit te doen? Steek julle hand op. Onthou wat die Engel van die Here gesê het? "As jy die mense kan kry om jou te glo, opreg wees wanneer jy bid, sal niks voor die gebed staan nie." En julle weet dis waar. Dit is bewys, oor en oor.

259 Nou gaan ek vra dat ons Suster Rose, as sy sal, om daardie, Glo Net, of, Die Groot Geneesheer Is Nou Naby, of iets, te speel.

260 Ek wil elkeen van julle in—in gemeenskap met my hê. Sal julle, ook, julle mense wat nie in die gebedslyn is nie, sal julle bid vir hierdie mense? Wel, belowe hulle dit, deur julle hand op te steek: "Ek sal bid, sien. Ons sal almal bid." Goed. Ja.

261 Ek wil hê dat julle sal, as julle moet vertrek, baie stil sal gaan nou, sodat hulle nie sal pla terwyl ons bid nie.

262 Glo jy dat dit nou sal verby wees, suster? [Die suster sê: "Met my hele hart."—Red.]

263 Dierbare God, ek lê my hande op suster, daag die beproewing van haar liggaam uit. In die Naam van Jesus Christus, mag dit haar verlaat. Amen.

Seën jou, suster.

264 Glo jy met jou hele hart? Al jou sondes is bely? Jy is, sover jy weet, is jy gereed om jou genesing te ontvang?

265 Dierbare God, ek lê my hande op my suster, in die Naam van U Seun, Jesus Christus, en vra dat die beproewing van haar liggaam weg sal wees, in Jesus se Naam. Amen.

266 Alle sondes is bely, en jy's gereed vir jou genesing? Glo jy, broer? [Die broer sê: "Ek glo met my hele hart."—Red.]

267 Dierbare God, ek lê my hande op my broer, soos ons weet dat U hier teenwoordig is, Here. Ek bid dat U hom sal genees, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

268 Alle sondes bely? Nee, jy hoor nie. [Broer Branham praat stadig en duidelik as gevolg van die suster se doofheid—Red.] Glo jy dat jy sal hoor? [Die suster sê: "Ek glo. Maar ek was doof."] Glo jy.

Die vrou is doof nou. Ons sal bid.

269 Dierbare God, ek bid dat U ons suster sal genees, en hierdie doofheid van haar sal wegneem. Sy sit in 'n afgeslote wêreld, waar sy nie kan hoor nie. Ek bid dat U haar genesing sal skenk, deur Jesus se Naam.

270 Ek gaan die mense vra om julle hoof gebuig te hou, 'n minuut. Ek wil kyk wat met haar gebeur. Nou, asseblief, in Jesus Christus se Naam, laat nie een hulle hoof of oë oplig nie. Nou, julle moet nie doen nie, totdat ek vir julle sê.

271 Kan jy my nou hoor? [Sy sê: "Bietjie, opgebreek." Broer Branham klap sy hande een keer. "Ek kan jou hoor."—Red.] Hoor my? ["Bietjie."] Kan hoor? Sy kan nou hoor. [Broer Branham klap nog een keer] Sien? Hoor dit, bietjie?

272 Glo jy nou met jou hele hart. Jy sal? En jy glo, en God sal jou volkome genees. Sy't gesê. Ek het net gebid en my hande op haar ore geplaas, en sy't gesê sy kon iets hoor. Goed, gaan nou net voort, glo dat jy volmaak gaan hoor, en jy sal hoor.

273 Is alle sondes bely, suster? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Jy's gereed vir jou genesing? ["Ja."]

274 Dierbare God, ek lê my hande op my suster, in die wete dat geen goeie ding in ons is, in onsself nie. Maar ons weet dat ons Christene is, gebore uit die Gees van God. En ons lê hande op ons suster en vra vir haar genesing, in Jesus Christus se Naam. Amen.

275 Nou glo jy jy gaan genees word? [Die suster sê: "Goed!"—Red.] Goed, nou is jy—jy genees. ["Ja!"] Dis hoe om dit te doen. Dis reg. Reg.

276 Alle sondes bely? [Die suster sê: "Ja, meneer."—Red.] En jy's gereed vir jou genesing? ["Ja."] Jy glo, deur die oplegging van hande, dat die God Wie die harte van die mense ken, jou gesond sal maak? ["Ek glo."]

277 Ons Hemelse Vader, ek bid dat U ons suster sal genees, soos ons ons hande op haar lê en in die Naam van Jesus Christus vra dat U haar sal gesond maak. Amen.

278 Aangename kennis. Natuurlik, jy weet ek weet wat verkeerd is met jou. [Die suster sê: "Ja."—Red.] Maar ek gaan dit nie sê nie; want, jy dit doen, sal dit—sal dit net bly aan en aangaan. ["Goed."] Maar as jy sal . . . Is al jou sondes bely? ["Ja, meneer."] En jy glo dat God jou sal gesond maak? ["Ja, meneer."] Glo jy die arthritis . . . Ek het dit klaar gesê.

279 Dierbare God, ek bid dat U haar sal help en haar sal gesond maak. Skenk dit, in Jesus se Naam.

Jy sal nie kreupel wees nie. Gaan, glo met jou hele hart.

280 Glo jy dat God jou sal gesond maak? [Die suster sê: "Amen."—Red.] Alle sondes is bely en jy's gereed vir jou genesing? Glo jy jou rug sal reg wees?

281 Dierbare Hemelse Vader, ek bid dat U haar sal genees en haar sal gesond maak. In die Naam van Jesus Christus, mag dit so wees. Amen.

God seën jou, suster. Gaan, gelowig nou.

282 Is alle sondes bely, suster, is jy gereed vir jou genesing?

283 Dierbare God, haar sondes, sê sy, is bely. Ek lê my hande op hierdie vrou, in die Naam van Jesus Christus, vra vir haar genesing. Amen.

284 Is alle sondes bely? Jy moet reg wees, jy was baie siek, jy weet dit. Jy weet dat ek weet wat verkeerd is met jou. En glo jy dat God jou sal gesond maak, jou hart sal genees en jou heeltemal sal gesond maak?

285 Dierbare God, ek bid dat in die Naam van Jesus Christus, dat U haar sal genees en haar sal gesond maak. Mag hierdie haar verlaat, Vader, in Jesus se Naam. Amen.

God seën jou nou. Moenie twyfel nie. Gaan, gelowig.

286 Sondes alles bely? Jy's gereed vir genesing?

287 Dierbare Hemelse Vader, ek lê my hande op ons suster. In die Naam van Jesus Christus, mag sy genees word. Amen.

Moenie twyfel nie. Gaan, gelowig.

288 Alle sondes bely, jy's gereed vir genesing?

289 Dierbare Hemelse Vader, ek bid dat U ons broer sal genees, hom sal gesond maak. Skenk dit, Vader. Ek lê my hande op hom, vir hierdie doel, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

God seën jou. Ek glo dit met my hele hart.

290 Glo jy nou, suster? Alle sondes is bely en jy's gereed vir genesing?

291 Dierbare God, ek lê my hande op suster, in die Naam van Jesus Christus, mag sy genees word vir U glorie. Amen.

292 Nou net baiekeer soos daardie, net 'n aanraking soos Jesus gesê het: "Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg.

As hulle hulle hande op die siekes lê.” Ek het begin oplet in dienste, dat dit vyftig persent beter effek het as wat dit het wanneer die mense in die lyn kom, onderskeiding het, omdat jy slegs by ’n paar uitkom. En, op hierdie manier, is daar baie meer wat genees word.

293 Het jy al jou sondes van ongeloof en alles bely? Glo jy nou dat jy genees gaan word? [Die suster sê: “Ja, en verlos.”—Red.]

294 Dierbare God, ek bid dat U ons suster sal genees soos ek haar hande neem en in die Naam van Jesus Christus vir haar genesing vra. Amen.

God seën jou, suster.

295 Glo jy nou? [Die suster sê: “Ja.”—Red.] Alle sondes is bely? [“Ja.”]

296 Dierbare God, ek lê my hande op ons suster, in die Naam van Jesus Christus vir haar genesing. Amen.

God seën jou, suster.

Lyk soos ’n baie klein dingetjie, maar dit is God Wie dit belowe het.

297 Sondes is bely?

298 Dierbare God, ek bid dat U hierdie ons suster sal genees. Soos ek hande lê op haar in die Naam van Jesus Christus, mag sy gaan en gesond wees. Amen.

299 Sondes is bely?

300 Dierbare God, ek bid dat U ons suster sal genees, soos ek hande op haar lê, in Jesus Christus se Naam. Amen.

301 Nou soos jy kom met die meganika, mag dit die dinamika tref, dit sal begin werk.

302 Sondes is bely? [Die suster antwoord dan—Red.] Jy is gereed.

303 Dierbare God, ek bid dat U haar sal genees en haar sal gesond maak, in Jesus Christus se Naam. Amen.

God seën jou, suster.

304 Alle sondes bely? [Die suster sê: “Alles.”—Red.]

305 Dierbare God, soos hierdie vrou my in die oë kyk, glo ek dit. Ek bid dat U haar sal genees, in Jesus se Naam.

306 Jy bring haar net, né, suster? Jy bring haar net? Goed. [Die suster sê: “Sy is ook blind.”—Red.] Glo jy, suster, dat God jou sal gesond maak? [Die blinde suster sê: “Ek glo God kan my weer sig gee.”] God seën jou.

307 Hemelse Vader, U is altyd genadig teenoor die blindes, en teenoor die behoeftiges. Nou het hulle gesien wat U vanaand

gedoen het. So ons glo, Here, hierdie groot laaste teken wat nou oor ons beweeg. Ek vra vir hierdie blinde vrou se sig om na haar te kom, in Jesus Christus se Naam. Amen.

308 [Sy wat blind was, sê: "Dank U, Jesus."—Red.] Nou, raporteer nou aan ons. Raporteer dit. ["Ek sal!"]

309 [Sy wie die blinde suster gebring het, versoek gebed—Red.] O, ja, glo jy dat God jou sal genees? ["Halleluja!"]

310 Dierbare Hemelse Vader, ek lê my hande op ons suster en vra dat U haar sal genees, in Jesus Christus se Naam. Amen.

311 God seën julle, suster. Laat ons hoor hoe dit met julle gaan, hoe julle vorder.

312 Glo jy, suster? [Die suster sê: "Ja, ek glo."—Red.]

313 O Dierbare Hemelse Vader, ek bid vir ons suster, in die vertroue dat U haar nou sal genees. Ek lê my hande op haar, in die Naam van Jesus Christus.

Glo nou. Dis reg. Gaan net, gelowig.

314 Glo jy, broer? [Die broer sê: "Ja."—Red.] Alle sondes bely?

315 Dierbare God, ek bid dat U ons broer sal genees en hom sal gesond maak, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

316 Glo jy, suster?

317 O God, ek bid dat, in Jesus Christus se Naam, nederig, in die soetheid en sagtheid van hierdie uur, mag die Heilige Gees hierdie vrou gesond maak. [Die suster sê: "En ek vra, bid vir my seun. Ek het hom nie gesien vir twintig jaar nie."—Red.] Ek bid dat God jou seun na jou toe sal stuur, suster, skat. God seën jou.

318 Dierbare Vader, ek bid vir ons suster hier. In die soetheid van die Heilige Gees, mag Hy nou kom en ons suster genees, in Jesus se Naam. Amen.

Seën jou, suster.

319 Dierbare God, ek bid vir my broer, soos hy hier staan en ek lê hande op hom, en vra vir sy genesing, in Jesus se Naam.

320 Seën jou, my broer. [Die broer sê: "God seën jou."] Goed.

Klein seuntjie?

321 Dierbare God, lê hande op die kleintjie, ek seën hom in die Naam van Jesus Christus, vir sy genesing.

322 Glo jy nou, suster? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Jy wil ook voor gebid word?

323 Dierbare God, ek bid vir haar, soos ek my hande op haar lê. Nou, hierdie is U opdrag, dis wat U gesê het om te doen. "Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." U het gesê dit, Here. Amen.

Nou, Hy het dit gesê, het Hy nie? Moet so wees, suster.

324 Dierbare God, ek bid dat U ons suster sal genees en haar gesond maak, in Jesus Christus se Naam. Amen. God seën jou, suster.

325 Jy het nou gelowig gekom, suster?

326 Dierbare Hemelse Vader, ek vra U seëninge op ons suster, net in gehoorsaamheid in wat U gesê het om te doen. U het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg. As hulle hulle hande op die siekes lê," het U gesê: "sal hulle gesond word."

327 Mag ek hier stop 'n oomblik, om dit te sê, net om die mense 'n oomblik te laat rus, net vir 'n oomblik. 'n Kritikus het eendag gesê, vir my, dit is nie so nie. Maar, julle sien, Hy het gesê: "Hierdie tekens sal volg."

328 Julle het my Boodskap gehoor oor Die Verhoor, Jesus te verhoor. Sien, Hy het vir Noag gesê: "Dit gaan reën." Dit het nooit gereën vir honderd-en-twintig jaar nie, maar dit het in elk geval gereën. Hy het vir Abraham gesê hy sou 'n seun hê by Sara. Dit was vyf-en-twintig jaar later. Hy het nooit gesê wanneer nie. Hy het gesê hulle sou die seun hê. Vyf-en-twintig jaar later, het dit gebeur. Sien, Hy het nie gesê wanneer nie.

329 Hy het gesê: "Die gebed van geloof sal die sieke red. God sal hulle oprig. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Is dit wat Hy gesê het? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hy het nie gesê hulle sou opspring en dit reg dan doen nie. Hy het gesê: "Hulle sal gesond word." Sien, dis Sy belofte. Dis wat ons glo.

330 Kom, suster. Glo jy dat dit waar is? [Die suster sê: "Ja, ek glo."—Red.] Dan is daar geen manier om te keer dat jy genees word nie.

331 Ek lê my hande op suster, in die Naam van Jesus Christus, vir haar genesing. Amen.

332 Glo jy, suster? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Alle sondes bely en gereed?

333 Dierbare God, ek lê my hande op suster, in gehoorsaamheid aan U opdrag, en vra vir haar genesing in Jesus se Naam. Amen.

334 Ek wil hê dat julle waarvoor gebid is, ek wil hê julle moet vir my 'n guns doen. Ek wil hê julle moet raporteer, voor hierdie dienste verby is, wat gebeur; en laat net die gehoor, die ander mense, sien wat regtig plaasvind. Miskien môre, volgende dag, of wanneer, hou julle net dop wat plaasvind.

335 My pos het gewys dat dit—dit net so anders is as net om hulle te laat probeer, hulle eie geloof te laat toets. Want, Jesus het gesê: "Hulle hande op hulle lê. Hulle hande op hulle lê, sal hulle

gesond word." Nou snap wat Hy gesê het. Hy het nie gesê hulle sou opspring en op-en-af op die vloer hardloop nie. Hulle kan dit doen. Maar Hy het gesê: "Hulle sal gesond word." Is dit wat Hy gesê het? Dis wat Hy gesê het. Dis wat ek glo. En hier is Hy nou, die Een wat gesê het die Woord is hier om dit so te maak.

336 Glo jy, meneer? [Die broer sê: "Amen."—Red.]

337 Dierbare Hemelse Vader, volgens die belydenis van sy geloof en gelowig, lê ek my hande op hom, in Jesus Christus se Naam, vir sy genesing.

338 Dierbare God, ek lê my hande op hierdie vrou, in die Naam van Jesus Christus, vir haar genesing. Goed.

339 Dierbare Vader, ek lê my hande op hierdie vrou, in die Naam van Jesus Christus, vir haar genesing. U het gesê: "Sy sal gesond word."

340 Gereed vir genesing, suster?

341 Dierbare God, ek lê my hande op haar, in die Naam van Jesus Christus, dat U haar sal genees.

342 Goed, suster, skat, alles gereed vir genesing? Jou geloof is nou ontmoet, glo jy jy gaan gesond word?

343 En, God, ek lê my hande op haar, in gehoorsaamheid aan U opdrag: "Aan die hele wêreld, elke skepsel." Ek lê hande op haar, in Jesus se Naam, vir haar genesing.

344 Dierbare God, ek lê my hande op my broer, in die Naam van Jesus Christus, vir sy genesing.

345 Dierbare God, ek lê my hande op my suster, in die Naam van Jesus Christus, vir haar genesing.

346 [Leë kol op band—Red.] . . . wat in die paadjie afgaan. Ek wou jou net nie uitput nie. Jy sal reg wees as jy dit nou sal glo.

347 Dierbare God, ek bid dat U my suster sal genees, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

348 [Leë kol op band—Red.] . . . om my te help om vir hierdie mense te bid.

349 Nou ons het 'n paar sakdoeke hier, ensovoorts, hierbinne, om oor gebid te word. En ek wil hê julle moet aanhou nou, om saam met my te bid, nou, hierdie pakkies, nou. Ek weet dit klink baie vreemd vir mense om oor 'n dingetjie soos hierdie te bid. As julle net in my kantoor kan inkom, eenkeer, en net dophou. As ons getuienisse sou gehou het deur hierdie jare, veronderstel ek jy kon hulle nie op hierdie platvorm stapel nie, wat genees is net deur hierdie gebedsdoeke uit te stuur soos hierdie, miljoene van hulle, om en om die wêreld. Nou julle weet wat dit is—dit is?

350 Iemand kry daardie sakdoek daar vir daardie—daardie jong . . . Jy sal jou sakdoek ken, sal jy, broer? Goed.

351 En ek het gesien klein, kreupel kindertjies genees word. En julle sien, wat dit is, dis net ’n kontakpunt, soos Oral Roberts altyd gesê het. Dis net ’n kontakpunt. Ons bid. Nou, ons doen dit nie self nie, ons doen dit omdat die Bybel ons opdrag gee om dit te doen. Ons weet almal dis waar.

352 Nou, daar is baie mense wat hulle sakdoeke salf, ensovoorts. Wel, nou, ons dink dis goed, sekerlik, maar as ons net. . .Die Bybel het nie gesê dat hulle sakdoeke “gesalf” het nie.

353 “Maar hulle het sakdoeke van die liggaam van Paulus geneem.” Nou sien waarvan ek gepraat het? Nou, wat hulle gesien het, daardie verkwikkingskrag wat in Paulus was, wat hulle geweet het hy God se dienaar was. Hulle het geweet dat God in hom was. Hulle het geweet dat alles waaraan hy geraak het, was geseënd. Hoeveel verstaan dit? Sê: “Amen.” [Gemeente sê: “Amen.”—Red.]

354 Julle weet, ek dink Paulus was nogal Skriftuurlik in wat hy gedoen het. Dink julle nie so nie? Moet ek vir julle sê waar ek dink hy die idee gekry het om dit te doen? [Iemand sê: “Van Elisa.”—Red.] Van Elisa, is reg. Sien, Elía het gesê: “Neem hierdie staf en gaan lê dit op die babatjie.” En die profeet het die staf gestuur omdat hy geweet dat alles waaraan hy geraak het geseënd was. Hy het sy posisie geken. Hy. . .as hy net die vrou kon kry om dieselfde ding te glo.

355 Nou sien, nou, die Bybel het nooit eens gesê: “Hulle wat vir die siekes bid,” nie. Dit het gesê: “Hulle sal hande op die siekes lê.”

356 Nou dink net, die mense het gesien, in die apostel Petrus, die Teenwoordigheid van God gemanifesteer in hierdie man, in soverre dat hulle—hulle selfs die mense in sy skaduwee gelê het en hulle genees is. Hoeveel weet dis Skriftuurlik? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Dis net soveel Skriftuurlik as Johannes 3:16. Sien, Dis alles God se Woord. Nou, die mense, julle weet die skaduwee van daardie man het nie die mense genees nie.

357 Maar, kyk, as die krag van God op die profeet was, vir jare en jare na hy gesterf het, in soverre dat ’n dooie man op sy liggaam, sy bene gegooi is. Die liggaam was nie eens daar nie; die bene was daar. En die Teenwoordigheid van God was op hierdie bene, totdat die dooie man lewendig geword het.

358 Nou weet julle nie dat dieselfde God wat al daardie dinge gedoen het, net hier is vanaand nie? Aan—aan my, dink ek ons behoort die gelukkigste mense in die hele wêreld te wees. Dink net hieraan.

359 Ek—ek hoop dat ek nie my gehoor beïndruk het om te glo dat dit iets is wat ek self doen nie. Julle—julle weet beter as dit. Ek, ek is julle broer, sien, en ek is net julle broer.

360 Maar ek weet wel, ek weet dit wel, dat God hier is. En ek weet dat Hy iets vir ons gegee het, wat ons dit nie kan verduidelik nie, net deur die Woord van God, maak aanspraak dat dit op hierdie tyd hier moet wees. So, dit gee ons altyd identifikasie om te weet dat ons in die laaste dae lewe. Dit gee ons identifikasie om te weet dat hierdie mense, hierdie uitverkiesde, uitverkore, uitgeroepte, voorbestemde . . .

361 Nou, dis 'n groot woord, voorbestem, maar ons weet almal dis die waarheid. Ons weet absoluut dat die oneindige God alle dinge voorbestem het deur voorkennis voor die grondlegging van die wêreld, selfs die Lam was geslag; en elke naam wat ooit op die Boek sou wees, was op die Boek geplaas voor die Boek ooit geskryf is. Nou hoeveel weet dat dit die waarheid is? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

362 En Jesus het gekom om—om diegene te verlos wat in die Boek was. In die Bybel, het die Lam van agter die gordyn gekom, en die Seëls oopgemaak waarmee Dit verseël was, want Hy het gekom om almal wat Hy verlos het, op te eis. Hy's nou die Middelaar. 'n Middelaar wat voorspraak maak vir diegene wat Hy verlos het. Al daardie name wat geskryf is op die Lam se Boek van die Lewe, is verlos.

363 Soos ek 'n klein kru opmerkinkie gemaak het nou die aand. . .Ek wag vir julle almal om hierdie sakdoeke hier te kry. Ek probeer nie net weer oorpreek nie, maar ek het gesê daar was 'n klein stellinkie. . .Ek hoop nie hierdie klink ontheiligend nie, sien. Maar soos die boer wat die hen geplaas het, en nie genoeg eiers gehad het nie, so hy het 'n arend eier gekry, en hy het dit onder die hen gesit en sy het 'n arend uitgebroei. En hy was 'n baie snaakse kêrel onder al die hoenders, omdat hulle nie dinge dieselfde gesien het nie. Maar dit was al wat hy ooit gesien het, was die hen. Hy het net een stem gehoor, dit het nie geklink soos sy stem nie. Hy kon ook nie 'n stem soos die hen of die hoenders maak nie. Hy het nie gehou van hulle dieet soos hulle van die plaaswerf geëet het nie. Daar was iets anders omtrent hom, tog het hy nie geweet wat die verskil was nie.

364 En toe eendag, was daar die moeder arend wat geweet het sy het soveel eiers gelê. En daar was een van daardie eiers, wat haar seun moes wees, wat weg was. So sy het gaan soek na hom, en sy het hom in die plaaswerf gevind. En sy het geskree. En toe sy geskree het, het die arendjie die stem van die moeder geken. Soos Jesus gesê het: "My skape ken My stem."

365 Ek dink, gisteraand, toe ek daardie paneel Baptiste, Presbiteriaan, en wat ook al, gesien het, hulle mag onder 'n hen uitgebring gewees het. Verskoon my, broer, sien. Maar Moeder het geweet Sy het Haar skatjies daarbuite gehad iewers. So daardie manne wat daarbuite gestaan het, sonder om die

voeding wat hulle van die moeder hen gehad het in twyfel te trek, ensovoorts, maar nou is hulle arende, julle sien, hulle vlieg vir hulle kos. Sien?

366 En ek dink die kerk het iets soos ’n toneel wat ek nie lank gelede gesien het nie, aan die afkom deur Tucson, of vanaf—vanaf Phoenix, op pad na Tucson. Ek het ’n misterieuse gesig gesien. En dit het soort van my hart gebreek, om te sien wat gebeur het, hoe. . . ’n valk, wat altyd in die lug gevlieg het, ’n broer van die arend, wat ’n tipe is van die kerk.

367 En die Jehova is die Arend. Hy het Sy profete “arende” genoem. Hy het Homself Jehova “Arend” genoem.

368 Maar hierdie valk het lankal sy identifikasie verloor, want dit seil nie meer deur die lug en jag sy vleis soos dit veronderstel is om te doen nie. Maar dit sit op die telefoondrade en maak soos ’n aasvreter. Hy—hy soek na dooie hase wat die motors doodgemaak het, en hy en die aasvoëls gaan daar uit en eet saam. Hy hop soos ’n aasvoël, in plaas van om te loop soos hy moet loop. Hy het sy identifikasie verloor.

369 En ek sê dit met alle goddelike liefde en respek, die kerk het lankal haar identifikasie verloor as ’n suster arend. Sy sit rond. In plaas van om in die Woord in te grawe en uit te vind of hierdie dinge reg is, wag sy vir ’n klomp Sondagskool literatuur wat opgemaak is deur ’n klomp intellektueles iewers, een of ander dooie konyn wat êrens anders doodgemaak is. Hop soos ’n aasvoël! God help ons om weg te vlieg daarvan.

370 Hierdie beloftes is waar. Nie wat iemand Daarvan gesê het nie, maar wat God van hulle gesê het! Hulle is waar. Ek is so bly om geassosieer te wees met arende.

Laat ons saam bid vir ons siekes.

371 Dierbare Hemelse Vader, dit word geleer in die Bybel dat hulle van die liggaam van Paulus, sakdoeke en voorskote geneem het, en demone uit mense gegaan het, en onrein geeste hulle verlaat het. Nou, Vader, ek wat hier oor hierdie sakdoeke staan, verteenwoordig elke persoon wat teenwoordig is. Dis die Liggaam van Christus, ons saam. Ons maak aanspraak, deur genade en liefde, dat ons hier is om Sy Bruid te verteenwoordig, en gelowig, te assosieer met Hom in Sy Koninkryk. En ons weet ons is nie Paulus nie, maar ons weet U is steeds Jesus.

372 En ons bid dat U die geloof van hierdie mense sal eer. As hulle terug in die dae van Paulus sou gelewe het, sou hulle hierdie selfde Evangelie gehoor het, hierdie selfde dinge gesien het. Daarom, hulle is dieselfde soort mense. U is dieselfde God. So ek bid, Dierbare God, dat U hulle geloof sal eer, soos U hulle s’n het in die Bybeldae. En mag elke demoniese krag, elke

siekte, elke beproewing, wat die mense gebind het wat hierdie sakdoeke en hierdie pakkies hier voorstel, mag daardie bose mag van siekte hulle verlaat.

373 Dit is gesê, eenkeer, dat Israel gewandel het in die lyn van plig, na ’n beloofde land. En reg in die lyn van plig, het die vyand gekom en hulle in ’n hoek gedryf, en die Skelfsee het hulle afgesny van die lyn van plig, en in hulle mars. En God het afgekyk uit die Hemele, deur die Vuurkolom, en die see het bang geword. Dit het sy branders teruggerol, omdat God se branders in die bodem van die see was. En Dit het pad gemaak vir Sy kinders, wat gewandel het in die lyn van gehoorsaamheid.

374 Nou, God, as die Skelfsee bang sou word, en sy branders terugrol, sy waters terugrol, en plek gee vir ’n reisende kinders wat marsjeer in gehoorsaamheid; Dierbare God, vanaand, kyk af deur die Bloed van U Seun, Jesus, Wie die belofte gemaak het. En wanneer hierdie sakdoeke geplaas word op die siek liggame van mense, mag die oë van God kyk, en mag daardie siekte, daardie duiwel, bang word en wegbeweeg. En mag die mense die reis volg na die beloofde land, met goeie gesondheid en krag. Soos Israel deur die woestyn gemarsjeer het, was daar nie een swak persoon by hulle aan die ander kant nie. Mag dit geskenk word aan hierdie mense, Vader, want ons stuur hierdie sakdoeke, in Jesus Christus se Naam. Amen.

375 God seën julle, elkeen. Soos julle nou julle sakdoeke kry, glo julle met julle hele hart. Glo julle dat God dit hoor? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Sien? Ek, ek wil dit sê. Moenie, moet glad nie twyfel nie. Dit mag baie vreemd voel. Verskoon my, net ’n oomblik. Moet glad nie twyfel nie. Maar glo nou dat, wat ons gevra het, God gee.

376 Glo julle dat God hier is, die geheim van julle hart ken? Julle weet en glo dis God? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Nou laat julle gedagtes net rustig word nou, dit kan niks anders wees nie. Sien?

377 Nou, wat as daar ’n groot môre sou wees, lang jare gelede hierdie geskiedenis sou wees. En wanneer mense, in jare wat kom, as dit so sou wees, hulle sou kom en sê: “Wel, as ek toe sou gelewe het, ek sou sien dit word gedoen, man, dis al wat ek sou moes geweet het. Ek sou dit net toe geglo het!” Sien, dieselfde ding wat julle glo, as julle daar sou gewees het, toe Hy dit toe gedoen het! Onthou, dis steeds Hy. Dis Sy Lewe in julle. God seën julle.

*Bewys Sy Woord* AFR65-0426
(Proving His Word)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Maandagaand, 26 April 1965, vir die Volle Evangelie Sakemansgemeenskap se Internasionale konvensie, by die Embassy Hotel in Los Angeles, Kalifornië, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org